# *Glo Net*

. . .?. . .God jou gegee het, sodat ons saam die Here Jesus kan dien. (Dankie. Dis reg, net. . .)

2 O, ek's so bly vandag, met die privaat onderhoude, hoe die Here 'n paar groot dinge gedoen het, en ek is net so dankbaar daaroor. En nou, môre-aand, uh, môre is Vrydag, ek het gedink môre is Saterdag. Ons sal nie wil vergeet dat die Sakemanne se Ontbyt hier gehou sal word, ek glo by hierdie skool, nie. En ek veronderstel, hulle verkoop kaartjies vir hulle, nie waar nie, of iets? En hulle, reken ek, almal verstaan net hoe jy die—die kaartjies kry, ensovoorts, vir die ontbyt.

3 Ons sou bly wees as julle kon kom en sien, uh, gelei voel om te kom. Nou, Billy vertel my altyd, het gesê: "Daar's een ding wat jy doen, Pappa, is om die mense uit te put. Hulle is in elk geval uitgeput," gesê: "hulle het daar gesit vir ure. Jy preek *so* lank."

4 En ek het gesê: "Wel, Seun, ek gaan dit in Chicago se diens probeer maak." Ek het gesê: "Ek gaan my horlosie stel op elke twintig minute, en dan wanneer die alarm afgaan, gaan ek net daar ophou, en die gebedsry roep."

En hy het gesê: "Jy kan dit net sowel nie stel nie, want dit gaan nie. . . "

5 Julle weet dit het twee of drie keer afgegaan, en ditself net afgeskakel, ek het nooit geweet nie. Ek maak soveel geraas hierbo, wel, ek—ek het dit nie eens gehoor toe dit afgegaan het nie, en so ek moet net, net, ek hoop ek verveel julle nie, julle weet, ek kom nie—ek kom nie hiernatoe daarvoor nie. Ek—ek kom, en ek het Hom so lief, en weet ons het soveel wat gedoen behoort te word, net op hierdie tyd, en ek probeer net te veel daarvan indruk in een aand, julle sien, en sonder om te weet presies watter tyd ons weggeroep gaan word nie. En dan dink ek, wel, ek weet nie watter tyd ek weggeroep gaan word nie, en nie een van ons weet dit nie, en so kan ons net sowel doen wat ons kan, terwyl ons dit kan doen.

6 Ek het my moeder gehoor. . .Ek was nog nooit in my lewe by 'n dans nie, maar ek het gehoor. . .net 'n—'n heilige dans eenkeer in die kerk, ek vergeet dit nooit, toe ons nog 'n Baptiste kerk was. Ek sou altyd kritiseer, soort van, in my hart, Ek sou dit nie hardop sê nie, want ek—ek sou bang wees om dit te doen, enigiets wat God doen.

7 Ek was, het altyd soort van gedink dit was soort van vreemd om te sien, toe ek gesien het, die eerste keer kennis gemaak het met die Pinkstermense, hulle sien dans het, julle weet, ronddans.

Ek het gedink: “Nou, jy weet, dit is nie in die Bybel nie.” Ek het gesê: “Wel, waaroor dans hulle?”

8 En toe het ek een aand onderrig vanaf ’n kaart oor Daniël en Openbaring, dit was Nuwejaarsaand, ek sou op die kaart onderrig tot middernag, dit was nie ’n kaart, soos ’n swartbord, wat ek onderrig het nie. En—en daar was ’n paar Pinkstermense wat van Louisville af gekom het. Hulle het gehad, o, ’n paar susters, ’n suster was ’n pastoor van ’n kerk daar oorkant en sy het gehad ’n, hulle het wasborde gehad, en vingerhoedjies, en—en allerhande klein goedjies om ’n geraas mee maak, en—en hulle het almal op ’n manier begin harmoniseer, ek weet nie wat dit was nie, en hulle, en sy het die klavier begin speel, en al hierdie meisies daarbo het begin slaan met hierdie vingerhoedjies op wasborde en dinge.

9 En—en hulle—hulle het, hulle het daardie lied gespeel, “Daar gaan ’n ontmoeting in die lug wees, in die soete hiernamaals,” of iets. Wel, daardie meisietjie wat gespeel het, vrouepastoortjie, sy het net wit geword, o, net soos ’n kryt. En sy het dit net op so ’n manier begin speel, ek het nie, ek het nog nooit enigiets so sien speel in my lewe nie. En ek het gedink: “Nou, wat is dit?” En toe, een op die wasbord, het sy dieselfde ding begin doen. Toe hier, het twee of drie opgestaan, en ’n klein blondekoppie het reg op die vloer begin dans, ek het gedink: “O, goeiste!”

10 Reg op en af met die vloer, so hard as wat sy kon gaan, net wegdans, soos *daardie*, ou meisietjie, omtrent sestien, agtien jaar oud. Ek was self net ’n jong kêrel. En ek: “Nou, wat het ons hier? Net hier in my kerk. Hoe sal ek dit ooit oorleef!” Sien? En het haar dopgehou soos daardie. En ek het gedink: “Waarom doen hulle dit? Waarom moet hulle dit doen? Hoekom kon hulle nie net hulle musiek gespeel en aangegaan het en dit so laat staan het nie?” Ek het gedink: “Wel, dis verskriklik.”

11 Ek het begin dink: “Nou, in die Bybel is daar so-iets soos dans?” En ek het onthou dat Dawid om die ark gedans het, toe hy die ark sien kom het. Sien? Hy het voor die Here gedans, en die Here het gesê: “Hy’s ’n man na My Eie hart.” Ek het gedink: “Wel, nou, dis . . . hy . . . Waarom het hy gedans?” Wel, hulle het ’n oorwinning gehad.

12 En Miriam, toe hulle oor die Skelfsee gegaan het, het Moses in die Gees gesing, en Miriam het ’n tamboeryn geneem, dit begin slaan, en hulle het gegaan, af langs die oewer, al die dogters van Israel, wat gedans het in die Gees. Sien? En ek het gesien dat dans was toe hulle oorwinning gehad het.

13 Ek het gedink, begin dink: “Wel, miskien, het ek nie genoeg oorwinning nie.” Sien? Ek het daaraan begin dink, en julle weet, naderhand het ek my voet begin stamp, en voor ek dit geweet het, was ek daarbuite besig om saam met daardie meisie, daarbuite in die paadjie te dans.

14 O, toe was ek gemerk. Ek kan nog net die uitdrukking op daardie mense se gesig sien, wat hulle pastoor daarbuite op die vloer gesien het saam met hierdie, daardie meisietjie wat ronddans, hier was ek net daarbuite, ook. Ek was nooit in my lewe op ’n dansbaan nie, maar ek sou dit moes terugtrek en sê: “Dit was op *daardie* een,” maar dit was ’n kerkvloer. So wanneer ons . . .

15 Julle weet, alles wat die duiwel het, hy—hy—hy het dit gekopieer vanaf een of ander *egte* ding wat God het, dis al, net presies. Die duiwel kan nie skep nie, hy’s net ’n verdraaier van wat geskep is, julle sien. So hy kan nie skep nie, hy’s nie ’n skepper nie, hy’s ’n verdraaier.

16 Wat is—wat is ongeregtigheid? Is verdraaide geregtigheid. Sien? Dis wettig vir ’n man om ’n vrou te neem, en—en ’n—’n man vir haar te wees in familiegemeenskap. Maar dieselfde vrou, uh, ’n ander vrou met dieselfde daad, veroordeel dit hom, en verdoem sy siel, sien, dis verkeerd. Wat is dit? Verdraaide geregtigheid. Sien? En dis ’n . . .

17 Die waarheid is altyd reg. Wat is ’n leuen? Is die waarheid wat verdraai is, sien, maak ’n leuen. So dis hoe alle sonde is, is verdraaide geregtigheid.

18 So toe ek altyd my ma hoor sê het, sy het altyd na danse toe gegaan na die ou, sy en Pappa na daardie soort van, sien, hulle, hulle het die ou vioolspelertjie gehad wat gekom het, op die hoek gestaan en die viool gespeel het en daardie Kentucky mense, en Pa, hy het nie enige geld gehad nie, julle weet, jy is veronderstel om ’n bietjie geld te hê om in jou sakke te klingel, en ek sien hom na die vaatjie toe gaan, ’n paar spykers kry, hulle in sy sakke sit, julle weet, en hy sou ronddans, hy en Mamma, en hulle sou pryse wen. Ek kan haar haar romp sien uitswaai soos *hierdie*, julle weet, en daardie riel dans, julle weet, reg rondom, om mekaar soos daardie. En ek sou Pa sien, ek het gedink: “Dis—dis sleg Pa, daardie spykers, dis nie geld nie,” julle sien. Ek het geweet hy het nie enige geld gehad nie, hy het ’n paar spykers in sy sak gehad, wat op-en-af geklingel het soos daardie, sien.

19 En hulle sou daardie reg tot omtrent dagbreek doen. En party van die mense verlaat die huis, die . . . O, die, o, Kentucky mense sou oorkom, en hulle sou die danse van een huis na die ander hou. En dan, sou hulle huis toe gaan in die oggend, hulle skoene in hulle hande dra, want hulle voete was so seer van dans.

20 Wel, as jy dit vir die duiwel kan doen, waarom dan nie bly, en ons heelnag laat preek, en net God prys, en—en in die Gees kom nie, en, julle sien? Sekerlik. As dit—as dit vir Ewige skeiding is, wat van Ewige Lewe? Laat ons . . . Ons kan *hierdie* net soveel waardeer, meer as wat ons *daardie* moet, natuurlik. Maar Satan sal ons uitput hiermee, sommer gou, of vir ons sê ons is te moeg.

Maar ek sê julle, hy het 'n vreeslike tyd gehad met my, om my moeg te maak daarvan.

21 Ek onthou toe ek genees is van maagprobleme, het hy, Satan gesê: "Wel, jy beter nie eet nie," gesê: "want die dokter het gesê as jy eet, sal jy sterf. Jy het 'n maagseer, en gesê dit was net een groot, bloeiende maagseer."

22 Maar die Here het gesê Hy het my genees, so ek moes iemand se woord vat, so ek—ek het God se Woord gevat. En so, o, dit wou my verbrand! Ek was net, warm water wat by my mond uitloop, en so, twee of drie dae, het ek rondgegaan en my maag vasgehou soos *hierdie*.

Gesê: "Hoe voel jy, Mnr. Branham?"

Ek het gesê: "O, ek voel goed," net aanhou gestamp soos daardie.

23 Iemand het gesê: "Jy het gelieg." Ek het nie, ek het 'n belydenis gemaak. *Bely* beteken: "dieselfde ding sê." Deur Sy wonde, is ek genees, so dis, dit doen dit, sien. Ek het belydenis gemaak.

En so, het Satan vir my gesê, gesê: "Jy bring oneer."

24 Ek het gesê: "Nou, kyk hier, ou kêrel, as—as jy dit geniet om my te hoor getuig, bly jy net hier, maar indien nie, kan jy net sowel gaan, want ek—ek gaan in elk geval getuig." So dis reg, jy moet hom net laat weet aan watter kant jy staan, en dan jou standpunt inneem, en dan staan.

25 En dis net hoe ons altyd moet maak, is om te kom waar ons weet dat ons reg is, en dan het jy geloof daarin, jy kan nie geloof hê tensy jy weet jy is reg nie. Jy moet dit nie probeer doen om hom te bluf nie, nou, hy sal nie jou bluf vat nie. Sien? Moet hom nie bluf nie. Maar wanneer jy dit regtig glo, dan bluf jy nie, iets het alreeds vir jou getuig, en dan is jy—dan is jy reg.

26 Ek gee nie om, jy mag nie, niemand mag ooit hande op jou gelê het nie, jy mag nooit enigiets hoor nie, maar net solank iets dit in jou hart bevestig het dat dit God se Woord is en God se wil vir jou, is dit al wat nodig is. En baiekeer, hierdie gawes en dinge, bemoedig hulle net.

27 Ek hou 'n Baptiste prediker dop wat hier voor my sit, vanaand. As ek nie verkeerd is nie, is hierdie Mnr. Daulton, wat hier sit, van Somerset, Kentucky? Ek het gedink dit was. Ek onthou Broer Ed Daulton. O, goeiste! 'n Baptis, reg. En hy het gekom, en, maar hy het geglo, en gekom na die kerk, en die Heilige Gees ontvang, en weer afgegaan. En natuurlik, het die hele buurt hom in die steek gelaat, soos gewoonlik. En so, toe, toe die Heilige Gees kommentaar gelewer het op die, waarna ons soek om te gebeur op enige tyd nou, nog 'n gawe wat by die kerk gevoeg gaan word, en dis 'n wonderlike ding.

28 En ons het. . .Julle het waarskynlik die artikels in ons godsdienstige koerante daaroor gelees, oor die eekhorings, ensovoorts. En Broer Daulton het twee kinders gehad. Wel, ek dink, hoeveel? Omtrent agt kinders, ek dink dit. . .? Nege kinders, nege kinders, en tieners, en julle weet hoe hulle is, soort van. . .En 'n arme vader en moeder, hoe hulle so hard gebid het, dat God hulle kinders red.

29 Eendag by die tabernakel. . .Hy het die Heilige Gees met 'n vrou sien praat en vir haar sê: "Vra net wat jy wil, net nou, en God het vir my gesê om vir jou te gee."

Gesê: "Wat moet ek vra?"

30 Ek het gesê: "Wel, jy het 'n kreupel suster wat hier sit, wat kreupel is van geboorte af." En daar's 'n man wat hier sit, vanaand, Banks Wood, wat reg langs my gesit het, die vrou se naam is Mev. Wright. En ek het gesê: "Jy het 'n ou vader en moeder; jy lewe op minder as tweehonderd dollar per jaar op daardie klein, arm plasie, daar oorkant, 'n weduwee." Ek het gesê: "Daar's baie dinge waarvoor jy kan vra, Suster Hattie, maar," het ek gesê: "die einste God wat my vertel het van daardie eekhorings toe ek gepraat het, daardie eekhorings het net daar gestaan," en dit sewe keer agtermekaar gedoen, net daar gestaan, waar jy kyk en dit sien, toe dit net onmoontlik was vir een om *daar* teen die muur te sit, net iets te bevestig," en ek het gesê: "Hy sê vir my om jou te laat vra wat jy wil. Hy het gesê jy dit sal vra, vir my om dit te sê."

Sy het gesê: "Wel, wat moet ek sê?"

Ek het gesê: "Vra vir wat jy ook al wil, dit sal net hier gegee word. As dit nie is nie, dan het ek—ek iets verkeerd vertel."

31 En sy het gesê: "Wel," gesê: "ek weet nie wat om te vra nie, Broer Branham," het sy gesê. Sy het twee tienerseuns gehad, en praat van afvalliges, hulle was, en so, wat haar net die heeltyd hartseer gemaak het, arme klein, weduwee moedertjie. En so, haar man, ek het haar met haar man getrou. En hulle was. . . Haar man is dood op 'n trekker. En daardie seuns het net wild geword. En sy het gesê: "Wel, die verlossing van my twee seuns."

Ek het gesê: "Ek gee jou daardie twee seuns in die Naam van Jesus Christus." En albei van hulle het oor haar skoot geval, na Christus toe gekom.

32 Nou, Broer Banks Wood sit iewers hier in hierdie gebou, vanaand, wat teenwoordig was om dit te sien gebeur. Albei daardie seuns is goed, hulle het die heeltyd Voetewas geneem, Nagmaal by die kerk. En wanneer ons Voetewas neem, die een wat die voete was, lê ons ons hande op hulle en bid. Daardie kêreltjie nou die aand, omtrent veertien jaar oud, ons pastoor, Broer Neville, hy het sy hande op hom gehad, vir hom gebid, die oulikste outjie.

33 So Broer Ed Daulton het dit sien gebeur, hy het vir sy kinders gebid, het buitekant gekom, en hy het omgedraai, en die Heilige Gees het gesê: "Spreek vir Ed se kinders."

34 En ek het gesê: "Broer Daulton, die Heilige Gees sê vir my deur daardie selfde gawe wat ons verwag om binnekort volmaak gemanifesteer te word, gee ek jou jou kinders in die Naam van Jesus Christus." En toe hy daar tuisgekom het, het sy dogter en seuns, alreeds hulle harte vir Christus gegee. Net 'n paar myl onder in die land van my af.

35 En ek dink elkeen van jou kinders is gered en gevul met die Heilige Gees en gereed. Is dit reg, Broer Daulton? Is daar enige van hulle by jou? Een dogter. Was dit die een wat dadelik gered is? Die oudste dogter is die volgende oggend gered. En elkeen van sy kinders is nou gered. Hoe, die Heilige Gees, wanneer God enigiets sê, hou Hy Sy Woord, dis net dit! Sien?

36 Nou, hoe kon ek daardie kinders gered het? Sien? Dit—dit is nie, as dit nie jou eie woorde is nie, as dit nie jou eie denke is nie, dan is dit—is dit wat ook al jou inspireer. En as Dit God is, dan is Dit God se Woord, sien. So dis hoe, in—in die dienste hier in die aand, wanneer julle daardie dinge sien gebeur, dis nie ek nie, ek kan dit nie doen nie, dis God wat dit doen. En as jy dit net sal glo, dan is dit al wat jy hoef te doen, is dit net—net te glo.

37 Nou, wel, dis amper tyd, roep die gebedsry, Billy. So, ek neem net *soveel* tyd in beslag. Maar julle weet, ek wil—ek wil 'n afspraak maak met al die mense hier rondom Chicago.

38 En hierdie—hierdie broer wat hier sing in die aand, Broer Melvin, hoe ek daarvan hou om daardie seun te hoor sing! Ek—ek wil hom hoor sing: *Onthou My*, een van hierdie aande voor Ek vertrek. En dan is daar 'n gekleurde suster wat by die Christen Sakemanne sing. O, goeiste, julle—julle moet haar hoor sing *Ship Ahoy*! En ek het vir my vrou gesê, sy sit daaragter, vanaand, en ek—ek het vir haar gesê, ek hoop sy sal daardie dame *Ship Ahoy* hoor sing, en Broer Melvin sing, "Onthou my wanneer die trane val." O, goeiste, ek hoop beslis ons kry hierdie.

39 En daar's 'n broertjie daar oorkant by daardie diens nou die oggend, hy sit iewers hieragter. Ek het sy. . .*Hier* is hy, hy en sy vrou. Goeiste, praat van sing! En wanneer jy oorkant in die Heerlikheid kom, en ek—ek wens. . .Wou altyd sing, ek sou enige tyd liewer sing as preek. So, ek—ek hou so van sing, so ek het altyd gesê: "Al die groot sangers van die aarde sal Daar oorkant vergader wees en die stories sing, hoe hulle oorwin het, oorkant op 'n yslike groot heuwel in die Hemel, net oorkant die Rivier van die Lewe, oorkant aan die ander Kant, wil ek sit en luister na hulle."

40 So ek wil al julle Chicago mense nooi om my daar oorkant te ontmoet, nou, en—en—en ons sal gaan sit, luister hoe hulle sing, sodat ons nie enige. . .moet opskud, en kyk of die kinders gaan

seerkry, of enigiets nie, hulle sal daar wees saam met ons, en daar sal niks wees om seer te maak of te vernietig nie. En ons sal dan baie tyd hê, en ons sal net 'n *lang* tyd gesels, net baie tyd hê om te gesels.

41 Nou, ek het verskeie Skrifte waarna ek wil verwys, ek het 'n paar hier uitgeskryf in 'n paar bladsye hier. En ek wil begin, vanaand, en lees, eers, 'n Skrif wat gevind word in Lukas 8:50, vir 'n—'n teks. En my onderwerp, vanaand, is die temalied wat hulle gesing het net voor ek ingekom het: *Glo Net*. En Lukas 8ste hoofstuk en die 50ste vers:

> *Maar toe Jesus dit hoor, antwoord Hy hom en sê, Moenie vrees nie: glo net, en sy sal gesond word.*

Laat ons ons hoofde buig, net 'n oomblik, vir gebed.

42 Genadige God, Wat die Here Jesus, U Seun, uit die dood teruggebring het, en Hom aan ons voorgestel het na tweeduisend jaar, ons sien Hom dag na dag, en aand na aand in Sy onsigbare liggaam wat in die sigbare Liggaam van Sy Kerk werk, wat Sy Woorde laat gebeur. En soos ons nou die aand gepraat het, is U reg op skedule, alles slaan net reg, God se groot tydhorlosie wat tik, net tot op die oomblik. Dan, vanaand, wanneer ons sien dat daardie laaste, middernagslag gereed is om te slaan, O Groot Jehova God, wees ons genadig.

43 En soos ek dink vanaand, hier voor my, met die gekooptes van U Bloed, hulle aandag vir die volgende dertig of veertig minute: "Wat moet ek sê, O God?" Hierdie paar woorde wat voorberei is, sou onvoldoende wees, Here, sonder U salwing. So ek bid dat U die Woorde sal salf, vanaand, van hierdie teks, en mag Hulle Hulle rusplek vind, en vir ons voorsien net wat ons nodig het om voorbereid te wees vir daardie uur wanneer Jesus wel kom. Want God, ek het opgelet, met my oë oop, 'n paar oomblikke gelede, wat hier voor my lê, is daardie boek van die Christen Sakemanne, waarvanaf ons kosbare Broer Tommy Nickel daardie visioen van daardie bandopname vertaal het, of wat dit ook al was, Here, U my daar oor die gordyn laat sien het, en O God, ek het gesê: "As ek net kon teruggaan vir 'n . . . Ek—ek sou oorreed, ek sou mense smeek. O, hulle moet Dit nie mis nie, Here."

44 Daar's mense hier wat hulle lewensonderhoud met my gedeel het, vir my en my kinders, en tussen hulle en hulle kinders. Ek bid, God, dat daar *op een of ander manier*, vanaand iets gesê kan word, wat sal, dat Christus onder ons verdeel mag word vanaand, dat Hy die Verlosser van elkeen van ons kan wees, en die Geneser van elkeen van ons, en ons Koning wat kom. En daardie hoop, los dit hier in ons harte. Mag ons Ewiglik saam met Hom lewe, oorkant in daardie Land waar daar geen siekte is nie.

45 Ek kan dink aan daardie vroue, hoe hulle eers was, in die besef dat hier ou vroue is, negentig jaar oud, en daar was hulle, pragtig en jonk. En daardie grys-kop manne hier op aarde, daar

was hulle, jonk en in hulle jeug vir die Ewigheid. God, ons kon nie bekostig om Dit te mis nie.

46 Skenk, Here, vanaand, dat elke persoon 'n nuwe houvas sal kry vanaand. Seën die heiliges en genees die siekes, want ons vertrou onsself toe, met hierdie teks, in die Naam van Jesus Christus, tot U eer. Amen.

47 Jesus was pas weggewys van 'n groot herlewing. Hy was altyd besig met die Vader se dinge; ek—ek hou daarvan. Ons . . . Ek, self, ek het soveel tyd wat ek—ek dink ek—ek dwaas gebruik, en almal van ons voel so. En ons raak so gespanne dat ons iewers heen moet gaan en ontspan.

48 Maar ons het Jesus altyd gevind besig met die Vader se dinge; ek hou daarvan. En dis hoe ons behoort te wees, ons behoort nooit ledig te wees in ons tyd nie. Watter tyd ons het, ons moet dit spandeer, en—en die tyd spaar, dit uitkoop, want dit is kosbaar, elke keer wat ons 'n kans kry om 'n prop in te druk vir Jesus, dit te doen, elke keer wat ons 'n prop kan indruk vir God, dit te doen. Doen iets vir die Kerk en vir die verbetering van mense. Baie mense, dis hoe ons hierdie dinge leer ken, is deur wat iemand vir ons gesê het.

49 En Jesus het Galiléa verlaat, oorkant in die land waarvandaan Hy gekom het, en oor die see gegaan, gelei gevoel, sonder twyfel, om na Gadara toe te gaan vir 'n herlewing. Sonder twyfel, dat die Vader Hom oor die see gelei het na Gadara. En julle, ons ken almal die storie dat daar net een persoon gered is, wat 'n maniak was, in Gadara. En hy was buite in die velde in die begraafplaas, hy het wild geword. En hulle het hom in kettings gesit, en die duiwelmag kon die kettings breek.

50 En—en ek het dikwels gedink, deur na kranksinnige inrigtings toe te gaan, en te kyk na 'n persoon wat besete was met daardie bose magte, hoe sterk hulle is! Hulle neem 'n polisieman, partymaal, om hulle in bedwang te bring.

51 Onthou onder in Florida, een aand 'n—'n man wat nie meer as 'n honderd-en-twintig pond sou geweeg het nie, vyf polisiemanne net so maklik ondergekry as wat jy jou kind sou onderkry. En—en toe, toe daardie bose gees hom verlaat het, wel, was daar *skaars* niks, hy, net so sagmoedig as wat hy kon wees, maar dit was 'n bose gees.

52 En ek het gedink: "As 'n man wat besete is met 'n bose gees, kettings kon breek, wat kon hy doen as hy heeltemal oorgegee was aan God, met die krag van God wat hom so in besit geneem het?" Hy kon elke kreupel been reguit maak, en groot dinge doen, as hy net *so* gesalf kon wees met God se krag, soos die duiwel hom heeltemal kon beetkry.

53 Het julle opgelet, daardie duiwel het daardie man so totaal beetgehad, dat hy—hy selfs Jesus bely het? Gesê: "Ons weet Wie U is, die Heilige van God. Waarom kom om ons te pynig voor ons

tyd kom?" Sien? Hy was so totaal oorgegee aan die duiwel, dat die duiwel sy tong kon gebruik.

54 En julle weet, ek hou daarvan. Ek hoop dit maak niemand se gevoelens seer nie, maar ons kan so totaal oorgegee wees aan God ook, dat Hy ons tong kan gebruik, om—om in ander tale te praat, en om die Evangelie te preek, om die Evangelie te sing, om visioene te spreek waarna ons kyk, en die verborgenhede van God, as ons net totaal oorgee aan die krag van God, dis al. En as die duiwel 'n man onder sy beheer kan kry, en dit doen, wat kan God met een doen, een onder Sy beheer kry? Sien? So hierdie maniak. . .

55 En julle let op, toe Jesus oor die see gegaan het, het die duiwel geweet dat Hy op pad was om 'n groot, 'n groot oorwinning vir God te behaal, en hy het probeer om Hom te verdrink daardie nag, 'n storm laat opkom, en, maar Jesus het geweet dat God Hom gestuur het, want Hy het net gedoen wat God Hom gelei het om te doen.

56 Sou dit nie lekker wees as ons 'n getuienis soos daardie gehad het nie, broers? "Ek doen net dit wat God behaag." Sou dit nie wonderlik wees nie? Soos Henog, vyfhonderd jaar met God gewandel en 'n getuienis gehad het dat hy God behaag het. Hy hoef nie te gesterf het nie, net opgegaan.

57 So toe, 'n middagwandelinkie, het hy net begin uitstap, en net gedink: "Wel, ek was lank genoeg op die aarde, ek sal net opstap." En net begin, deur geloof, hy het gedink: "Wel, ek was lank genoeg hier, so ek is soort van moeg om hierrond te wees, ek dink ek sal net opstap tot ek die Wit Melkweg tref en net aanstap, aan die deur klop." So dis wat hy gedoen het. Sien? Deur geloof het hy dit gedoen, die Bybel het so gesê. Sien, hy het net moeg geword om hier te bly, hy het gesê: "Wel, ek gaan net opstap Huis toe, God." Het net verder op in die lug geloop. Hy het dit gedoen deur geloof, die Bybel het gesê hy het.

58 En so, o, ek—ek, wanneer ek die dood om my deur voel kom klop, wil ek—ek daardie soort geloof hê, nie waar nie? Sê net: "Wel, vaarwel ou wêreld, ek gaan nou van jou af wegstap." En net begin aanstap. Net reguit oploop, en verby die maan en sterre gaan en die Wit Melkweg tref, en voortgaan in die sfere, en sfere, en uit die sfere, en net voortgaan in die Hemel in, dis reg.

59 En dan, vind ons uit dat die duiwel nie God se dienskneg kan vernietig solank hy in die wil van God is nie. So Hy is, ons sien Hom daardie nag opstaan, en die duiwel so kwaad, en gaan probeer om Hom daarbuite op die see te verdrink, opgestaan, en Hy het gesê: "Waarom is julle so bang? Dink julle Ek sou enigiets doen as dit nie in die wil van God was nie? Waarvoor is julle so bang?" Sien? "Waarom is julle in elk geval bekommerd? Waarom is julle so ontsteld?"

60 Dis dieselfde ding wat Hy vanaand vir ons sou sê, broers, dink ek. "Waarom is julle so bang?" Sien? "Wat makeer? Is julle bang om My te vertrou?"

61 Hy het gesê: "Storm, wees stil." En die winde en die golwe het Hom gehoorsaam, oor die see gegaan. O, hoe pragtig! Daar het Hy aan die ander kant gekom, en hierdie maniak het Hom ontmoet, en—en toe hy het, wou hy uitkom om Hom te verskeur. Toe het die duiwel uitgevind dat Dit 'n bietjie meer as 'n man was wat gekom het, wat daar opgestap het saam met daardie ander twaalf manne.

62 En toe, toe hy Hom bely het as die Seun van God, en bely het dat hy, sy toekomstige lyding, het Jesus gesê: "Bly stil, maar kom uit hom uit." En Hy het daardie man verlos van daardie legioene duiwels. En daardie duiwels het oorgegaan en hulle het. . .As hulle nie beliggaam is nie, is hulle—hulle skynbaar hulpeloos. So hulle het oorgegaan en in 'n klomp varke ingekom en afgegaan, tweeduisend varke, en in die see verdrink.

63 En weet julle wat? Jesus het oorgekom om 'n herlewing te hou, maar toe daardie mense besef het dit gaan hulle tweeduisend varke kos, wou hulle nie die herlewing hê nie. So as dit hulle enigiets gaan kos, wil hulle niks daarmee te doen hê nie. So dit—dis omtrent hoe dit vandag is, julle weet, As dit jou 'n paar uur slaap gaan kos of—of *so-iets*, wil die mense niks daarmee doen hê nie, julle weet.

64 En so het hulle gesê. . .Wel, hulle—hulle. . .In plaas van die herlewing te hê, het hulle uitgekom, die mense van die stad, en gesê: "Verlaat ons land. Ons nooit. . .Ons wil julle nie hier oorkant hê nie, gaan net weg. Ons. . ."

65 En, julle weet, en Jesus het omgekyk na die man wat by sy volle verstand was, en klere aangehad het. En as. . .Julle weet, ek het altyd daar gedink, ek—ek beter nie daarmee begin nie, as—as, julle sien, daardie man, hy begin klere *aan*trek het toe hy Jesus ontmoet het, en hoe is dit, ons sê ons ken Hom, en hulle die heeltyd uittrek? So daar's 'n. . .En dis 'n. . .

66 Hulle sê ons is mal om sulke dinge soos daardie te preek, maar ek weet nie, die man wat gehad het. . .nakend was, was die een wat mal was, volgens die Bybel, so, en toe hy Jesus gevind het, het hy weer sy klere gaan aantrek. So—so vind ons uit dat. . .

67 Ek het dikwels gewonder, wanneer ek in die Hemel kom, wil ek daardie man vind, en ek—ek wil oorgaan. . .Jesus wou hom nie Hom laat volg nie, Hy het gesê: "Gaan jy terug en wys die mense daar oorkant wat met jou gebeur het." En ek wonder net watter—watter impak sy getuienis gemaak het op varkboerdery in daardie land daarna. Ek—ek wonder net wat sy getuienis gehad het, watter impak dit daar oorkant gemaak het.

68 Maar hulle wou Hom nie hê nie. So ek sal een ding sê: As jy Hom nie wil hê nie, sal Hy jou nie met Homself verveel nie. Nee,

nee, Hy sal Homself nie op jou afforseer nie, Hy het nog nooit. Hy klop, jy's aan die binnekant, jy's die een wat die deur oopmaak. Maar Hy sal klop, Hy sal jou die geleentheid gee.

69 So toe, o, het hulle gesê: "Ons wil jou nie hê nie. Ek gee nie om hoeveel jy kan verlos, en hoe, en wat, wie jou hiernatoe gestuur het nie. As God jou hiernatoe gestuur het, wat daarvan? Ons wil net nie hê dat enige van daardie soort goed hier by ons s'n moet kom nie. Jy maak ons mense heeltemal verward, so gaan jy net terug na waar jy hoort."

Hy het gesê: "Goed." Hy het reguit teruggegaan, en in die boot geklim.

70 Dit moes omtrent tienuur in die oggend gewees het. Ons broertjie Jaïrus, hy was 'n—hy was 'n gelowige. Hy—hy, eintlik was hy 'n gelowige, maar hy was soort van 'n geheime gelowige. En, julle weet, ons het 'n hele klomp van daardie hierbuite in hierdie Metodiste, Baptiste, en Presbiteriaanse kerke. Hulle glo regtig hierdie boodskap van Pinkster, hulle glo, maar hulle kan dit net nie doen as gevolg van hulle kerk nie.

71 So Jaïrus het gesê. . .Hy was 'n geheime gelowige, uiterlik het hy homself verbind aan 'n klomp ongelowiges. En so, dis hoe baie goeie manne is vanaand, verbind met ongelowiges. En die Bybel het gesê: "Moenie in dieselfde juk trek nie." Moenie in dieselfde juk trek saam met ongelowiges nie. "Kom uit onder die ongelowiges, en sonder julle af, sê God, en Ek sal julle ontvang, moenie hulle onrein dinge aanraak nie. En Ek sal God vir julle wees, en julle sal seuns en dogters vir My wees."

72 So Jaïrus, egter, was soos baie van vandag, wat in dieselfde juk saam met 'n organisasie trek, waaruit hy net eenvoudig nie kon loswikkel nie, omdat hy 'n groot naam gehad het, miskien. Kom ons noem hom, Dr. Jaïrus. Sien? Hy was 'n. . .het 'n groot naam van *Doktor* gehad, miskien, daar agter. Hy was 'n priester, en hy was 'n—hy was 'n pastoor van 'n groot sinagoge. Maar in sy hart sou hy Jesus van Násaret volg, hy het daardie wonderwerke dopgehou. Hy sou huis toe gaan en studeer, en deur die Skrifte kyk, en hy sou sê: "Dis net presies!"

73 Laat ons dink hy het daar gestaan daardie dag toe Simon opgekom het. Hy het afgegaan om Johannes te hoor preek, en hy het gehoor, hy het hulle Jesus hoor aankondig, en hierdie Lig daar oor Hom sien afkom, en op Hom gaan sit. En ons het daardie selfde Lig wat op Hom was, vir daardie ou visserman sien vertel: "Wel, jou naam is Simon, en jy's die seun van Jona." Miskien, julle weet, sy vader was. . .mag 'n lidmaat van hierdie man se sinagoge gewees het.

74 En hy het gesê: "Ek weet daardie Man het hom nie geken nie. En ek het huis toe gegaan en dit ondersoek in die Skrif, en ek het uitgevind dat *daardie* die teken van die Messias was. En toe terwyl ek daar gestaan het, en ek—ek het oorkant aan die ander

kant gestaan, natuurlik, saam met die priesters, en my broers, en geluister om te sien wat ek kon hoor sê. En die broers, hulle het gesê: 'Wat gaan ons doen wanneer ons teruggaan?'"

75 Toe Filippus opgekom en Natánael gekry het, en dat Jesus daar gestaan en vir Natánael vertel het wie hy was, en waar hy hom gevind het, ensovoorts soos daardie. En ons het Natánael gesien, hy het, miskien, studeer om 'n prediker te wees, en hy het gesê: "Wel, Rabbi, U is die Seun van God, die Koning van Israel."

Hy het gesê: "Glo jy omdat Ek dit vir jou gesê het?"

76 En miskien het hy ook daarbuite gesit om die vrou by die put te hoor, en—en by die poort gestaan op daardie tyd toe Blinde Bartimeüs uitgeroep het: "Jesus, U Seun van Dawid, wees my genadig!" Hy kon Hom nie aangeraak het nie. As jy gaan na . . . As jy ooit by die plek was, hulle het gemerk waar Bartiméüs gesit het en waar Jesus was toe hy Hom geroep het, o, goeiste! Daardie hele skare, wat skree, sê: "Sê, hulle sê vir my jy wek die dooies op, ons het 'n begraafplaas vol van hulle hierbo, kom op, wek sommige van hulle op, ons sal jou glo." Sien? Hoe kon Hy ooit gehoor het alles . . .? Maar sy geloof het Hom aangeraak.

77 Soos klein Saggéüs, wat ek vir die Christen Sakemanne vertel het, wat bo in die boom gesit het soos daardie, gesê het: "Nou, Rebekka het vir my gesê dat Hy—Hy alles weet en kon . . . God deur Hom spreek en Hy is die Messias, so ek sal al hierdie takke om my trek, en—en Hy sal nooit weet ek sit hierbo nie."

78 So toe Jesus reg onder die boom gestop en opgekyk, en gesê het: "Saggéüs, kom af; gaan huis toe saam met jou," so miskien, was hy daar daardie oggend om dit te sien. Hy het egter geglo dat deur die Skrifte dat Dit die Messias was.

79 En, maar tog kon hy nie 'n belydenis maak nie, want die—die predikersvereniging van Gadara het hierdie gesê: "As daar enigiemand is wat ooit een van daardie herlewings bywoon wat daardie profeet van Galiléa, daar oorkant, hou, sal ons hom daardie uur ekskommunikeer uit die kerk." So goed, hy—hy . . . hulle het egter 'n pastoor gehad, en—en hy het 'n groot gemeente gehad, en 'n goeie groepie mense, en—en hy het geweet hy het die Here liefgehad, maar reg onder in sy hart, het hy geweet daar was iets anders wat bygevoeg moes word.

80 O, Saggéüs, ek hoop jy sit hier vanaand, en moenie opstaan en uitgaan voor hierdie verby is nie, sien. Sit net stil vir 'n minuut.

81 En daar was hy, julle weet, daar buite, en dit geglo het, en huis toe gekom het by die klein kerslig, en studeer het deur die nag, wanneer hy na een van daardie dienste sou gaan, en luister, miskien homself vermom, en 'n sluier oor sy gesig gesit het, of iets, sodat hy nie herken sou word as Dr. Sa- . . ., of, Dr. Jaïrus nie, julle weet, of, hy sou net nie bekend wou wees onder die skare nie. Maar tog, het hy daar gesit, en het hy dit dopgehou, en het hy dit bestudeer, maar tog, kon hy nie openlik, Hom in die openbaar

bely nie, omdat hy sy predikersvereniging en sy gemeenskap met sy broers sou moes opgee. En dis waarom almal van hulle saam vir Jesus uit Gadara weggejaag het, en Hom teruggesit het oorkant in Sy Eie land. In Sy Eie land, was dit dieselfde ding. En enigiemand wat hulleself aangesluit het by hierdie *sogenaamde* Profeet van Galiléa, wel, moes geëkskommunikeer word.

82 Maar julle weet, God het 'n manier om daardie regte egte geloof in ons uit te bring, God het eienaardige maniere om dit te doen. En so, kom ons sê een aand het die dogtertjie ingekom, en sy was . . . Hy het een dogtertjie gehad, omtrent twaalf jaar oud, en hy was besig om oud te word, en dit was die enigste kind wat hy en sy vrou gehad het. Een aand het sy ingekom na touspring, of iets by die pastorie, en sy het ingekom, sy het gesê: "Pappa, ek is *so* siek."

So hy het haar koppie gevoel en hy het gesê: "Ja, Skat, jy is siek."

So hy het gesê: "Moeder, ek sê jou wat, sit jy haar in die bed, en ons sal afgaan en die dokter kry." Dis die enigste verstandige ding om te doen.

83 So hulle het gegaan en die goeie dokter van die buurt gekry, en hy het gekom en hy het haar gevoel. En hy het gesê: "Ja, sy brand van die koors." So hy het haar gedokter vir twee of drie dae, en uitgevind, haar koors het erger geword. En, o, dit het so 'n punt bereik, dat dit so warm geword het, dat hy geraak het, die dokter bekommerd geraak het daaroor. So hy het al die kruie probeer en al die middels wat hy geken het, om hierdie dogtertjie te probeer help, maar hy—hy kon niks daarmee help nie, hy kon net nie die koors breek nie.

84 So toe, een oggend omtrent nege-uur, wel, het hy die dogtertjie kom besoek nadat hy amper heelnag wakker was. En al die liewe mense van die kerk was daarbinne vergader, en—en al die adjunkpastore, en party van die besoekende geestelikes, en die distrikspriester, en almal van hulle het daar gesit, julle weet, om—om—om gebede te doen, ensovoorts, vir die kind.

85 En so, het die dokter in die kamer ingekom, en hy het die dogtertjie ondersoek, haar pols geneem, en, o, die koors was erg. Die dingetjie was buite, van haar kop af nou. So hy het geweet dat die einde naby was. Hy wou glad nie die pastoor vertel nie; miskien, na sy eie kerk toe gegaan. So hy het hom eenkant toe geroep, en gesê: "Nou, Jaïrus, ek wil jou hierbuite vertel, sodat *Suster* dit nie sal hoor nie, daardie baba is op sterwe, jou enigste dogtertjie."

"O, Dokter! Daar's sekerlik iets anders wat jy kan doen."

86 "Nee, Jaïrus, as—as jy 'n ander dokter wil inroep en die saak laat ondersoek, wel, dis in orde. Maar sover dit my mediese begrip betref, is die dood op die kind net nou, want sy lê op die rand van die dood, en sy sal waarskynlik nie langer as nog 'n uur

of twee hou nie." Die goeie dokter het alles vertel wat hy geweet het die waarheid was.

En gesê: "Dokter, sal jy my aanraai om 'n ander dokter te kry?"

Gesê: "Jy's welkom."

87 Maar hy het gesê: "Ek ken geen ander dokter nie. Ons weet daar was 'n dokter daar oorkant die . . . daar, naamlik Lukas, Dr. Lukas, maar, jy weet, hy—hy was bekeer."

"O, moet jy nie . . . Lukas het die pad byster geraak." Sien? "Hy volg daardie Galilése profeet, moenie . . . "

O, dit bring dit terug in sy gedagte. "Ja, Dokter. Wel, dankie. Wat skuld ek jou, Dokter?"

88 "O, wel, ek . . . dis alles reg, jy hoef my niks te betaal nie." Hy was 'n goeie man. Sien? "Gaan jy maar, Prediker, ek weet jy maak nie veel geld nie, so laat dit net gaan."

"Wel, baie, baie dankie."

89 Wat gaan hy nou doen? Hy het van die hek af teruggestap en gesê: "Nou, ek sal daar in die huis ingaan, die gemeente. En wat . . . hoe gaan ek vir my vrou sê dat daardie baba op die rand van dood lê? En ek het dit die heeltyd geheim gehou vir haar dat ek regtig geglo het in Jesus as daardie *ware* Profeet, wat sou kom. Maar nou, hoe sou ek dit ooit kry? En daar's die distrikspriester en al die res van die predikersvereniging wat daar in die huis sit. En hoe kan ek ooit? En wonder waar Hy is."

90 So hy gaan terug in die kamer, en hy begin wonder. En, julle weet, en, voor jy jou kom kry, roep hy sy vrou in, hy het gesê: "Skat, kom in en gaan sit net 'n oomblik." Hy het sy hande gesit, gesê: "Nou, ek het iets waaroor ek met jou wil praat. Eers, wil ek sê: Moeder, onthou jy hoedat ek hierbo gesit het in die aand, hierdie kersligte, die Skrifte gelees het?"

"Ja, ja, Jaïrus, ek—ek—ek weet net hoe jy hier gesit en lees het."

"En ek het ingekom, na ek weg was vir twee of drie dae op 'n slag, jou vertel ek was uit op die Meester se sake."

"Ja, ek onthou alles daarvan."

"Wel, ek het dit van jou weerhou, maar ek wil jou iets vertel. Weet jy waar ek was?"

"Wel, waar was jy, Skat?"

"Ek het daardie dienste bygewoon van Jesus van Násaret, daardie Galilése Profeet. Ek het bygewoon . . . "

91 "O," het sy gesê: "dis geen geheim vir my nie, ek het jou notas gelees wat jy geneem het van Sy Preke, jy sien. Toe ek die kamer skoongemaak het, het ek die snippermandjie vol van hulle gekry,

jy sien. En ek het hulle net gelees waar jy deur die Skrif gesoek het."

"Sowaar?"

"Ja."

"Wel, ek sê jou, weet jy wat? Ek glo waarlik dat Dit die Messias is."

"Wel," het sy gesê: "Skat, is jy nou eers gereed om dit te bely? Ek het dit die heeltyd geglo."

Nou, is hy gereed, hy kan haar nou vertel, wat. Gesê: "Weet jy wat?" Gesê: "Skat, die dokter het so pas vir my iets gesê."

"Wat? Ons dogter gaan beter wees?"

"Nee, sy is op sterwe."

"O, Jaïrus! O, o, sekerlik, nie!"

92 "Ja, ja, sy—sy—sy is op sterwe. Maar ek wonder waar Jesus van Násaret is. Jy weet, Hy—Hy het vertrek en die see oorgesteek 'n paar dae gelede, en Hy het vertrek, en ek—ek wonder waar Hy is. As ons Hom net kon vind! Wel, wel, ons kan net sowel ons geloof bely en uitgaan.

93 "Wel, ons het uitgestap, dag voor die, al die mense en gesê: 'Wel, ek moet iets aankondig: Die dokter het so pas vir my gesê dat my baba op sterwe is, my enigste dogter, twaalf jaar oud, is op sterwe.'" En so, het hy vertel, en almal van hulle het begin ween, en huil, en aangaan.

94 Hy het gesê: "Nou, wag, dis nie ons laaste hoop nie. Net 'n oomblik." O, ek voel sy gesiggie rooi word, gekyk na die distrikspresbiter, en die biskop, en hulle almal wat daar sit, julle weet. En wat gaan hy doen? "Maar ons het nog 'n Hoop."

En ek kan die biskop hoor opstaan, sê: "Wel, wil jy 'n ander dokter raadpleeg?"

"Wel, nee, nie presies nie. Maar ek het iets . . ." Dan begin sy hart baie vinnig klop, julle weet. Kan jy dit sê? Hy het 'n bietjie gehakkel.

En ek kan sy vrou hoor sê: "Gaan aan, vertel hulle, vertel hulle, vertel hulle!"

95 "Wel, uh, *ahum*, uh, broers, *ahum*, ja, ek weet hierdie mag julle net 'n bietjie ontstel, *ahum*, maar, uh, ja, ek glo dat Jesus Christus die Seun van God is. Ek—ek glo dat Hy, daardie Galilése Profeet, die Messias is. Ek was . . ."

96 Wel, ek kan die biskop sien opstaan, en die distrikspresbiter, en al die hoogwaardigheidsbekleërs, en sê: "Wel, Jaïrus! Goeiste, jy bedoel nie jy het soos Lukas en die res van hulle geword nie?"

"Ja, ek glo Hom, ek glo beslis."

97 Waarom—waarom—waarom? Hy het 'n behoefte gehad. God het 'n manier om dit op jou te sit op so 'n manier, Hy sal jou laat

uitkom met daardie geloof, haar in elk geval net reguit uitbring. Ja, meneer.

Nou, ek kon hom hoor sê: "Weet enigiemand waar Hy is?"

98 Een kêreltjie het gesê: "Ja, ek—ek was siek nou die dag, en ek—ek het soontoe gegaan om Dr. Lukas te sien, en Lukas is by Hom, en Hy—Hy was oorkant in Gadara, en hulle, ek het deur 'n boodskapper gehoor dat hulle vandag inkom. Hulle is veronderstel om vanmôre daaronder by die visdokke te land."

Ek kan klein Jaïrus sien uitgaan en sy klein priesterhoedjie kry, en dit aantrek, sy jas aantrek, vertrek.

99 Ek kan die distrikspresbiter by die deur hoor staan, sê: "Nou, kyk hier, jongman, nou, jy was een van ons vir 'n lang tyd, nou, as jy so-iets gaan begin en ons gemeente deurmekaar maak, sulke fanatisme soos daardie in ons groep inbring, weet jy wat gaan gebeur? Ons gaan jou ekskommunikeer, ons gaan jou naam reg van die boek afhaal, dis al."

100 Wel, ek kan sy hartjie hoor sink, soos *daardie*. Hy het omgekyk na sy vrou, en wat gestaan en kyk het wat hy sou sê, en oorkant toe kyk en sy sterwende dogtertjie gesien het, hy het gesê: "Jy kan haar net sowel afhaal, want hier gaan ek." Dis reg. "Ek's op my pad." Hy het 'n behoefte gehad. Haastig, hy moet *nóú* gaan.

Hulle het gesê: "Onthou, as jy gaan, weet jy wat gaan gebeur, jy ken ons uitspraak."

101 "Ja, ek verstaan alles daarvan. Maar ek het 'n sterwende kind hier, en die einste ding wat ek die heeltyd in my hart verberg het, ek het die Skrifte ondersoek, ek het Sy dienste met vermomming bygewoon, en ek het die Skrifte ondersoek, en Hy *is* die Messias!" Amen. Dis reg. Amen. Dis die manier om . . . Nou kom jy daarby, Jaïrus. Kom reguit uit en sê vir hulle wat reg is. Bely jou geloof, dan kom jy, jou regte, op die regte pad dan. Dit—dit—dit lyk nie soort van somber nie.

O, hy het gesê, die kerk het gesê: "nou, onthou jy maar, as jy dit doen, wel, wat gaan gebeur." Maar Jaïrus het 'n behoefte gehad.

102 Die behoefte! En broer, as daar ooit 'n tyd was, broers, dat ons ons belydenis behoort te maak dat Hy die Messias is, die Seun van God, dat Hy lewendig is, dat—dat Sy krag net dieselfde is, daar is 'n behoefte vandag, vandag is die uur, mense is sterwend. Mense sterf in die kerke. Mense is . . .

103 Die Pinksterkerk is op sterwe, dit word so formeel. Dit gaan weg van God af. As daar enige tyd is om uit te stap en te sê: "Ons is op sterwe, laat ons teruggaan na God," is dit net nou, want daar's 'n behoefte. Kom terug na die geloof wat eenmaal oorgelewer is aan die heiliges.

104 Ek weet daar's baie fanatisme, ek besef dit. En soos ek gesê het by die predikersontbyt nou die oggend, jy kan kwalik pastore blameer, maar onthou, elke keer wat jy iets vals sien, 'n vals dollar, is dit net so seker as enigiets in die wêreld dit is van 'n egte een af gemaak.

105 Ek was nooit so verbaas, eenkeer, ek het in die pad afgegaan, en ek het 'n—'n—'n groot klomp kraaie, of swartvoëls, gesien, hulle het net die verskriklikste, skreegeluide gemaak. Ek het gedink: "Wat makeer hulle?" Ek het in die pad afgeloop, en daar was party van hulle wat in bome was, en party op telegraafpale, en party wat op heinings gesit het, het ek gedink: "Wat makeer die voëls?"

106 Daar was 'n aarbeieland oorkant die—die veld, en die man wat die land besit het, het Florida toe gegaan vir 'n vakansie, en hy het net daardie aarbeie daar gelaat, wou niemand hulle laat pluk nie, want hy—hy het daarvan gehou om te sien . . . hy het hulle daar gehou vir die voëls, hy het net daarvan gehou om die voëls dop te hou. En so, terwyl hy afgegaan het na Florida op 'n vakansie, wel, het iemand soontoe gekom en 'n groot ou voëlverskrikker opgesit in die land, en wou self die aarbeie pluk, die voëls hulle nie laat kry nie.

107 Die voëls was baie ontsteld. O, goeiste, hulle was so ontsteld! Party van hulle wat ver *weg* in 'n boom sit, daar oorkant afgekyk het op daardie voëlverskrikkers, en—en net—net getjirp en getjirp, en aangegaan het, party wat op die telegraafpale sit, en party wat op die heiningpale gesit het, en ek het gedink: "Wel nou, ek wonder wat makeer?" En ek het gekyk, reg op die arms van daardie, daardie ou voëlverskrikker het twee groot, gesonde voëls gesit, wat net so vinnig vreet as wat hulle kon vreet. Ek het gedink: "As dit nie die prentjie is nie! As dit nie iets is nie!"

108 Nou, ek het gedink: "Wel, wat makeer?" Ek het 'n bietjie nader gestap, en ek het gekyk, daar's baie aarbeie, ek het gedink: "Wat's fout, kêrels?" En dis hoe party van hulle maak. Party van hulle, sal ver, ver *hier* teruggaan, hulle glo nie in die Heilige Gees of niks nie. Party sal nader gaan en sê: "Wel, ek glo in 'n goeie, geheiligde lewe, maar ek—ek—ek—ek glo net nie in Goddelike genesing nie." Maar ander sal reg tot amper op die rand kom, maar hulle is bang vir die voëlverskrikker. En dis net omtrent waar Pinkster nou gekom het, julle is bang vir die voëlverskrikker.

109 Wel, broer, 'n voëlverskrikker is 'n etekaartjie. Amen. Gaan net agter die voëlverskrikker in, dis al wat jy hoef te doen. As julle allerhande soorte valse ismes en dinge sien opkom, wat ek nou die aand gesê het, al hierdie *ismes* sal binnekort *wasmes* word, so hulle—hulle is—hulle is, moenie bekommerd wees oor hulle nie, maar God se Woord sal waar wees. Wanneer daar nie

meer Hemel en aarde oor is nie, sal Dit steeds waar wees. Ja, meneer.

110 Daar was geen veroordeling vir hulle, wat daar gesit het, aarbeie geëet het, broer, hulle het daar gesit, groot, gesonde voëls, wat net gepik het so vinnig as wat hulle kon, want hulle het nie omgegee vir die voëlverskrikker nie, hulle—hulle—hulle het net in elk geval aarbeie geëet. So dis wat ons behoort te doen. Wanneer jy hierdie dinge sien wat jy kry, almal so mooi praat, en die kerk wat klassiek word, en die *groot* kêrel wat sê: "Wel—wel, ons sal hulle net inneem op *hierdie* en *daardie* manier," beter jy versigtig wees, broer, daar's iets verkeerd daar, iewers, daar's iets verkeerd. Ek hou daarvan om te kry waar iemand gekritiseer en bespot word, en dan rond te kyk om te sien waar . . . wat . . . dit te ondersoek en te kyk waaroor dit alles gaan. Ja, meneer. Dis 'n middageteklok, kyk net reg agter dit.

111 Julle onthou, die stokke lê altyd onder die goeie appelboom. Hulle slaan nie daardie ou knoesterige, verrimpelde, suur: "Dae van wonderwerke is verby," af nie, daar's niks daarin om af te slaan nie, los hulle net.

112 Maar Jaïrus het 'n behoefte gehad, en hy het 'n behoefte gehad omdat sy enigste kind op sterwe was. En dis dieselfde ding wat dit vanaand is. Nou, hy hoef nie te gesê het nie: "Nou, ek sal nou wag. Ek sal waarskynlik, miskien, as ek 'n rukkie sou wag, kan ek Hom gaan sien soos Nikodémus het, in die nag gaan, nie. Ek sal een of ander tyd in die aand oorglip. Ek sê jou . . . " Gesê, mag vir sy vrou iets soos hierdie gesê het: "Wel, nou *daar* sit die distrikspresbiter daarbuite, en *daar* sit die biskop, daar sit die hele kerk ensovoorts, ek sê jou, ek sal wag tot dit nag word, en wanneer dit nag word, sal ek weer my maskertjie opglip, en sal ek oorglip na die diens. En nadat dit verby is, sal ek niemand laat weet nie, ek sal agter die gebou omglip, sê: 'Sê, Profeet van Galiléa, ek glo in U, ek glo in U. Kom hiernatoe, ek het 'n siek dogter.'" Nee, die dogter was *net toe* op sterwe, hy moes *toe* gaan. Dit was tyd vir aksie.

113 En dis tyd vir aksie, broers. Dis nie tyd om te stry of ons vooroor, of agteroor gedoop moet word nie, of ons moet behoort aan *hierdie* kerk, of *daardie* kerk nie, dis tyd vir die Heilige Gees om in die Kerk in te kom en tot aksie oor te gaan. Dis later as wat julle dink. Die uur is hier, dis nie tyd om te stry oor geloofsbelydenisse en oor doktrines en dinge soos daardie nie, dis tyd om in God se Gees in te kom en aan te beweeg, want die atoombomme hang, en missiele oral, en sputniks in die lug. En alles wat Jesus gesê het sou plaasvind voor die eindtyd, vind nou plaas. En die Heilige Gees is hier, net Christus, betyds, op skedule. Ja.

114 Die kritici staan op. Ek gaan dit sê omdat dit was, ek het gevra dat dit eenkeer weerhou word, en toe hulle het, het die

broer baie ontsteld geraak daaroor. Ek. . .Nou, ek gaan dit sê, want dis op bandopname, en sodat ons broer dit kan hoor as hy hierdie bandopname wil hê. Dis oor Broer David duPlessis, my kosbare broer, vriend.

115 Ek het 'n brief van kritiek van hom gekry, en ek—ek wou dit nie lees nie, sekretaris het dit gekry, en so, ek—ek wou dit nie lees nie. Dit was omdat ek nie sy naam op 'n bandopname wou sê nie. Maar hierdie word opgeneem, die bandopnames is aan. Hier is presies wat ek gesê het: Ek het gepreek oor die naderende koms van Christus. En Broer David werk met die Presbiteriane, Metodiste, en Baptiste, en daardie groot manne. Dit is sy bediening aan hulle. God het hom gestuur met 'n bediening. David is 'n slim teoloog, geleerde, en 'n wonderlike man van God. Hy was saam met my in die dienste, hy het aan my sy gestaan. Ek het hom lief soos net 'n broer 'n ander kan liefhê, en dit is waar.

116 Maar wat ek gesê het van David, en die kerk sal vir my getuig, Ek het gesê: "Dit lyk asof Broer David, so geestelik as wat hy is, bedag sou wees vir die feit om te weet dat hy te make het met die slapende maagd. En die Pinkstermense is so bly om die Presbiteriane in 'n klein verklaring te sien skryf: 'Wel, ons moet teruggaan na Goddelike genesers. Ons moet teruggaan na praat in tale.'"

117 Julle het die stuk gelees waar hulle geplaas het: "Ons moet teruggaan na genesingsdienste." Billy Graham wat praat: "Ons moet teruggaan na Pinkster toe." Besef jy, broer, dat die einste uur wat hulle gegaan het om die slapende maagd wakker te maak, toe sy gekom het om Olie te koop, dit was toe Jesus gekom het?

Ek het gesê: "Ek wonder of Broer David dit besef."

118 Julle dink die Pinksterkerk, hulle het hulle foto in die koerant gehad nou die dag saam met 'n paar Katolieke priesters, wat staan, die Pinkster sakemanne se ontbyt seën, of iets, en sulke dinge, wat dit alles reg is, maar ek wonder of die kerk regtig besef wat dit is. Dis 'n teken. Toe daardie slapende maagd gekom en aan die hek geklop het, dis toe sy nie kon inkom nie, want die Bruid was weg, sien julle nie?

119 Dis wat ek gesê het van Broer David. Sien, niks oor sy werk, of sy ma-. . ., of, oor sy reputasie nie. En David is my broer, en een van die beste, godsvresende manne waarvan ek weet, maar ek het net gewonder hoedat hy—hy dit nie opgetel het nie, om te besef die einste minuut wat daardie buitenste, denominasionele wêreld hierdie Boodskap begin ontvang, dit presies die uur is wat Hy kom nie. Toe hulle—toe hulle gegaan het, het die slapende maagd besef sy het nie enige Olie in haar lamp gehad nie, en toe sy aan die deur kom klop het om Dit te kry, was dit presies toe die

Bruid uitgegaan het, toe die wyse maagd weg is. Dis reg. Hulle het nie ingekom nie, nee.

120 En daardie organisasies sal nie inkom nie. Hulle sal nie die geleentheid hê om, wanneer die Boodskap verbykom, sal die Kerk weg wees nie. So as hulle net nou probeer inkom, hoe naby is ons? Wanneer ons sien soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees in die koms van die Seun van die mens. Die heel laaste Boodskap, Abraham en sy Saad na hom, sien ons elke, alles lê net op tyd. Ons het behoefte, dis tyd vir aksie. Dis nie: "Wag tot ek weggaan in die skool en vir my 'n Ph.D., of LL.D kry," nie, dis: "Kom net nou in die Evangelie in, preek." Ja. Gaan nou daar uit, nou is die uur.

121 Jaïrus kon nie wag tot môre nie, sy kind was op sterwe. Broers, ons kan nie wag vir 'n nuwe organisasie nie, ons kan nie wag vir iets om opgewerk te word nie, dis alreeds hier. Ons moet Christus op die toneel bring. Die Pinksterkerk is op sterwe. Amen. Die Gemeentes, die Eenheid, die Tweeheid, die Drieheid, die—die Vierkant, almal van hulle, hulle is op sterwe, laat ons hierdie dinge verlaat. Hulle is goed, maar moenie. . . hou net op stry daaroor, laat ons Christus op die toneel bring.

122 Dis hoe Jaïrus, Christus op die toneel moes kry of sy kind sou sterf. Hy moet baie vinnig maak, hy moet tot aksie oorgaan. O, ek hou daarvan. Gaan oor tot aksie.

123 O, as hierdie groep, net hier vanaand, julle Metodiste, julle Baptiste, julle Presbiteriane, julle Pinksters, Eenheid, Tweeheid, Drieheid, en almal van julle, as julle tot aksie oorgaan, deur julle tradisies en kwaadwilligheid ter syde te stel, Christus op die toneel te bring; maak julle hart oop, Hy's hier. Amen. Sy boot het pas geland, halleluja, op die toneel.

Iemand het gesê: "Ja, geloof kom deur die gehoor."

Sê: "Ja, Hy kom nou in van die beskuldigdebank af daaronder. Net onder die heuwel van die gemeente af, kom Hy nou daaronder in."

Wel, hier gaan hy, hy gryp sy hoedjie, en: "Ek gee nie om wat hulle sê nie."

124 Hulle het gesê: "Goed, Jaïrus, jy gaan een van hierdie dae jammer wees. Jy weet, jy spring af aan die diep kant." Hy het nie omgegee oor die diep kant of *watter* kant nie, hy het geweet wat sy hart vir hom gesê het.

125 En daar is nie 'n persoon hierbinne vanaand nie, wat as jy sou doen wat jou hart vir jou gesê het om te doen, jy waarskynlik by hierdie altaar sou gewees het. Reg!

126 Daar is nie 'n prediker teenwoordig, as jy sou doen wat jou hart vir jou gesê het om te doen, dat ons nie ons verkeerde sou bely het nie. Dis reg. Wanneer jy bely: "Goeiste, ek is gereed om

arms en harte by manne s'n te sit om Christus op die toneel te kry." Dis die hoofsaak. Die kinders gaan dood.

127 Hierdie boekie *hier* het daardie visioen daarin. Toe ek daar oorkant gekyk het, het hulle nie . . . Ek het nie . . . Toe ek opgestap het na die hek, my nie gevra of ek 'n Pinkster Eenheid, of 'n Drieheid, of 'n Vyfheid was nie. Die enigste ding wat dit was, Hy het my net laat inkom, want ek het Christus liefgehad, en het liefde in my hart gehad. Dis nou die ding, broers.

128 Jaïrus moes opskud, sy kind was op sterwe. God se kind is op sterwe, die kerk is op sterwe. Ons moet iets doen. Jy mag dit telepatie genoem het, jy mag dit die duiwel genoem het, jy mag . . . Ek weet nie wat jy dit genoem het nie, maar as ver onder in jou hart, as jy geglo het dat dit die waarheid was, broer, beter jy jou kerklike hoed in die hoek sit, en iets sê, en aan die gang kom. Reg. Die kerk is op sterwe. Ons het Christus op die toneel nodig. Tyd vir aksie. Nie "Wanneer ek so voel," nie: "Wanneer ek weer daarna voel nie." Maar hy moes mense op die toneel kry, want die, of, Jesus op die toneel kry, al die res het misluk.

129 Ek wil julle iets vra. Is die Pinksterkerk beter daaraan toe vanaand, omdat dit ditself verdeel het in omtrent dertig verskillende organisasies, of toe dit in die begin, begin het? Sien? Vra dit net. Ons word die heeltyd erger en erger. Lyk die vroue en mans in ons Pinksterkerke meer soos heiliges, wat bid? Sê my iewers in die stad waar hulle heelnag lank biduur hou, dag in en uit, vir die sondes wat in die stad gedoen word, soos hulle dit altyd gedoen het. Is ons enigsins beter? Ons word erger.

130 "O, ons geboue word mooier." "O, ons raak meer in die geledere saam met die ander kerke." Maar wie wil soos *hulle* wees? Ek wil soos Jesus wees. En dis waar elke mens behoort te wil wees, soos Christus, laat ons Hom op die toneel kry. Sien? En ons is . . . Die—die—die kerke is op sterwe, so ons moet iets doen, ons moet opskud. Ons het nie alles . . . Ons hoef nie te wag tot—tot die Millennium om dit te doen nie. As ons dit gaan doen, moet ons dit nou doen, of dit gaan sterf. Iets gaan gebeur.

131 Hier gaan hy: "Ek gee nie om nie." Sy gesiggie was rooi. Broer, elke keer wat hy 'n tree gegee het, het hy gedink: "Ek is die heeltyd beter en beter." Begin net eenkeer, kyk wat gebeur. Voor jy jou kom kry, het hy toevallig teen die heuwel afgekyk, en wat het gebeur? 'n Vroutjie wat hy geken het, miskien van sy eie gemeente, het bo-op die heuwel gesit. En hy het geweet dat hy met haar daaroor gepraat het. En sy het gesê, net openlik, sy het eenkeer gesê, miskien was dit iets soos hierdie: "Jaïrus, weet jy wat? Ek glo dat daardie Profeet daar oorkant 'n Man van God is."

132 "Wel, nou, Suster, ek sou nie . . . Hoe voel—hoe voel jy daaroor?" Natuurlik, moes hy kyk om uit te vind of sy nie net 'n aas van party van die distriksmanne was of nie, julle weet.

So gesê: "Wel," gesê: "het jy Hom ooit gehoor?"

"O, ja, ek het Hom nou en dan gehoor."

133 "Wel, ek het Hom nooit gehoor nie, maar ek het van Hom gehoor." So geloof kom deur die gehoor. "En ek sê jou wat, ek glo as—as jy iemand kan kry om my oor die see te neem daar, in 'n boot iewers, of, waar Hy is, as ek Hom net kon aanraak, sou ek gesond gemaak word."

En hier kom sy, arme klein, skraal, bleek gesiggie, sy kom teen die oewer af. Kyk na haar wat steier, vashou aan iets.

En daar, hulle is almal daaronder, wat sê: "Goeie môre, Eerwaarde."

"Hoe gaan dit, Dokter? Bly om jou hier te hê."

En: "Rabbi, bly om jou weer terug te hê. *Ahum*, *ahum*," kyk na mekaar, julle weet.

134 Klein Jaïrus wat daarbo staan, julle weet, net om soort van af te gooi die—die. . .Julle weet, daar was baie mense wat in Hom geglo het, so hy moes dophou, julle weet, wat hulle gesê het. So hy het teruggekom, na 'n rukkie hierdie vroutjie, hy. . .Sy het gesê: "Sal jy my help, vriendelike meneer, om daar oorkant te kom om. . .Ek wil graag met Hom praat?"

135 "O, jy moenie daarna luister nie. Ons staan net hierbuite, ons gaan, ons maak gereed om hom vas te trek. Ons het 'n lokval vir hom gestel vanmôre, ons gaan hom regtig vanmôre kry. Kyk jy maar net," sien: "ons is, dis waarom, ons hom roep: 'Hallo, daar, Dokter. Hallo, Rabbi.' Sien, ons het 'n lokval vir hom gestel, ons gaan hom vanmôre verras." So hierdie. . . "Omdat hulle sê hy ken die verborgenhede van die hart. Ons het dit alles reggemaak vir hom."

136 Soos iemand nou die aand vir my gehad het, en misluk het, toe die Heilige Gees neergedaal het. En ek weet nie of julle dit opgelet het of nie, maar dit het beslis, was 'n groot struikelblok vir daardie ou kêreltjie.

137 En toe toe—toe hulle, voor jy jou kom kry, gekom, gesê het. . .Hy het aangeloop. Sy kon nie by Hom uitkom nie, so sy het afgegaan op haar hande en knieë, tussen hulle voete begin deurkruip, soos *hierdie*, totdat sy nader gekom het. En miskien, klein Jaïrus wat daarbo staan en haar dophou, soos sy die soom aangeraak het. 'n blye uitdrukkinkie, egter, het oor haar gesig gekom, sy het teruggegaan soontoe.

138 En Jaïrus het dit gestaan en dophou, julle weet, en dopgehou, gesê: "Ek het haar gesien, en ek ken haar, en sy het daar deurbeweeg en Sy kleed aangeraak, en nou, het sy weer daar uitgegaan, en sy lyk asof sy tevrede is. Sy lyk so dat. . .Sy het eenkeer vir my gesê, as sy Hom net kon aanraak, is dit wat sou gebeur, sou sy gesond word. En ek weet dokters het haar lank gelede opgegee, vandat sy in menopouse begin het, met daardie

bloedvloeiing, het sy dit daar gehad vir jare en jare. En so, arme dingetjie, ek het haar jammer gekry. Haar man het die perde en alles verkoop en die doktersrekening afbetaal, en sy is net niks beter as wat sy ooit was nie. Sy, arme dingetjie, ek kry haar jammer."

Jesus het gestop, rondgekyk, gesê: "Uh, *ahum*, wie het My aangeraak?"

En hy het gesê: "Wel," apostel het gesê: "wel, almal raak U aan. Waarom—waarom sê U so-iets soos daardie, Rabbi," of—of: "Here?" Sy . . .

139 Hy het gesê: "Maar Ek—Ek het swak geword, Ek—Ek het iets uit My gevoel uitgaan, krag het My verlaat." En Hy het omgekyk na die vroutjie, en vir haar gesê, haar bloedvloeiing het gestop.

140 Ek veronderstel dit het ou Jaïrus aangemoedig, dink julle nie so nie? Hier het hy dadelik aangehardloop gekom, en hy het gesê: "Here, my dogtertjie lê nou op die rand van die dood."

"Here," het hy gesê: "Meester." O, ja, hy's reg, hy's nou nie 'n fanatikus nie. O, nee, huh-uh. Hy het Hom nodig.

141 Jy mag hierdie alles noem wat jy wil, maar een van hierdie dae wanneer jy net in die bed beland, sal dit anders wees. Dis reg. Sal nie 'n holy-roller wees, klomp mal mense op daardie tyd nie, dis reg.

142 "O, Rabbi, Meester, my Here, my dogtertjie lê op die rand van die dood, as U net sal kom en U hande op haar lê, sal sy—sy regkom, sy . . . sal alles reg wees. Die dokter het net omtrent 'n uur gelede vertrek. Rabbi, ek—ek—ek—ek het alles opgegee. Ek—ek . . . Hulle gaan my uit die vereniging uitskop, alles, maar ek—ek was—ek was altyd 'n gelowige in U. Maar ek sê vir U, iets het uitgewerk, totdat ek dit net moes bely, so hier is ek. My dogter gaan sterf, en as U net sal kom en hande op haar lê, sal sy nie sterf nie, sal sy lewe."

Jesus het gesê: "Ek sal gaan. Ja, ek sal saam met jou gaan."

143 En Hy begin daar saamgaan soos daardie. En ek kan my die priester voorstel wat sê: "Het jy gehoor wat, en wie is dit? Wel, dis Dr. Jaïrus. Goeiste! Kan jy jou voorstel dis hy? Wat van . . .? Sal die vereniging hom nie uitskop nie! O, nou het sy turf gesit. Broer, by die volgende konferensie sal hulle dit beslis vir hom warm maak. Laat ons net almal soontoe gaan, Broer, net om te sien wat die hoofpriester gaan sê, wat hulle gaan . . . hoe hulle hom ekskommunikeer."

144 Klein Jaïrus het nie omgegee nie, sy dogter was op sterwe. En hy het die, hy het Jesus se aandag gehad, dis al waarvoor hy omgegee het. En solank jy Sy aandag kry, watter verskil, maak enigiets anders enige verskil? Aangeloop soos daardie, en, soos hy gaan, aanbeweeg het, julle weet. En die vroutjie, sy was so gelukkig, want haar bloedvloeiing het gestop.

145 En toe voor jy jou kom kry, hier kom 'n man, oor die heuwel, wat skree: "Toemaar, maak nie saak nie." Toe het die middernagslag gekom, o, goeiste, daardie slag: "Sê, Jaïrus, ek het jou gesê, jy behoort nie soontoe te gaan nie. Sien? Hier kom die priester en almal van hulle. Jou dogter is omtrent 'n uur gelede dood. Ek het jou gesê. Dae van wonderwerke is verby."

146 O, goeiste, daardie middernagslag, julle weet, sy hartjie het begin spring, het hy gedink: "O, o, o! Ek—ek het vir Hom gesê as Hy my hand sou kom lê, uh, Sy hande. . . "

147 Nou, hy het geloof in die *hande* van Jesus gehad. Dis. . .Hy was 'n Jood. Nou, dit was anders, Petrus, daardie aand toe Hy op die water geloop het, toe hy gesien het dat Jesus aangestap kom, gedink het Dit was 'n gees, het hy gesê: "Here, as dit U is, beveel my om te kom." Die woord was: "Kom." Dis reg. Dis reg.

148 Toe die dag wat hy vis gevang het, hy heelnag lank getrek het, glad nie enige vis gehad het nie. Hy het gesê, vir hom gesê, gesê: "Kan ek jou boot vir 'n oomblik leen om uit te preek, Simon?"

"Ja."

Wel, Hy het 'n rukkie daaruit gepreek. Gesê: "Laat nou uit in die diepte en laat sak vir die vangs." Sien?

149 En hy het gesê: "Here, as U U hande op die water sal lê, glo ek—ek—ek, kan U vis daar sit. Ons het heelnag geswoeg en niks gekry nie," nee, nee, "Here, ons het heelnag geswoeg en niks gekry nie, nietemin, op U Woord, sal ek die net laat sak." Dis reg. "Op U Woord, sal ek die net laat sak." [Leë kol op band—Red.]

150 "Gaan na die bad van Siloam en—en was." Nou, waarmee moes sy geloof kontak maak? Sodra hy by die bad kon kom. Sien? As hy ooit kon. . . "Wel, waar is die bad van Sent. Waar is dit? Iemand help my om by die bad te kom."

"O, wat wil jy by die bad maak?"

"Maak geen verskil nie, help my om by die bad te kom, want ek weet wanneer ek by die bad kom!"

"Iemand help my na die diens toe."

"Wel, waarnatoe gaan jy?" Julle weet wat ek bedoel. "Jy sou nie ophou. . .? Jy sou nie na daardie klomp toe gaan nie, sal jy?"

151 "Wel, help my net soontoe, dis al wat ek wil weet. Kry my daar." Amen. Ek hou daarvan. Ja, meneer. Kry my by 'n klomp mense waar ek die Bybel kan sien lewe, waar ek Christus in die mense kan sien lewe. Kry my onder daardie groep.

"Help my om te kom by die poel van Sent."

152 En sodra hulle gesê het: "Wel, hier is dit," een of ander gawe dame, of *so-iemand* het verbygekom, en hom in haar—haar—haar hand geneem, en hom oorkant na die bad toe geneem, gesê: "Ou kêrel, hier's die bad, hoekom is dit?"

153 "O, ek het pas die Woord van God ontvang wat vir my gesê het as ek gewas het, sou ek sien." En, o, goeiste! O, hy het sy sig ontvang, toe het hy verheug teruggekom. Dit was die bad vir hom.

154 Maar toe Maria, toe sy daardie oggend moes neem die... afgaan en bietjie water kry by die put, en sy het daar sien staan, en daar het 'n groot, helder Lig gestaan, sy het gekyk na daardie Lig, het 'n Engel omhul wat gesê het hy was Gabriël, gesê: "Die Heilige Gees gaan jou oorskadu, en jy gaan 'n Kind voortbring, sonder om 'n man te ken," sy gesê: "Aanskou die diensmaagd van die Here, laat dit met my wees volgens u Woord," Dis al wat sy wou hê.

155 Sy wou nie...Sy het nie gesê: "Wag, nou, wanneer ek oorskadu word, en dan as ek lewe voel, dan gaan ek getuig? Wanneer ek omtrent vier maande is, sal dit dan in orde wees? Of wanneer moet ek daarvan getuig?" Sy het geen vraag gevra nie, sy het sy Woord gehad, en dit was goed genoeg vir haar, sy het net toe begin getuig.

156 En ek gee vir julle Sy Woord: "Deur Sy wonde het daar vir julle genesing gekom." Amen.

157 Julle wat nie die Heilige Gees het nie, ek gee julle Sy Woord: Petrus het gesê op die Dag van Pinkster, toe die kritici daar gestaan het, het hy gesê: "Bekeer, elkeen van julle, word gedoop in die Naam van Jesus Christus tot die vergewing van julle sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. Want die belofte kom julle toe, en julle kinders."

"Wel, die—die biskop het vir my gesê, die priester het my vertel, die distriksman het vir my gesê, die pastoor het vir my gesê daardie dae is verby."

158 Ek gee nie om wat hulle gesê het nie, die Bybel het gesê: "Die belofte kom julle toe, en julle kinders, en hulle wat geroep is, selfs soveel as wat die Here onse God sal roep." Dis Sy Woord, ontvang Dit. Hy het Sy Woord gestuur. Dis wat nodig is, Sy Woord. Maar Jaïrus wou Sy hande hê. Julle weet, ek dink God is 'n goeie God, Hy—Hy het dit reggekry vir...daar in te kom op een of ander manier.

159 Julle weet, baie van die dissipels, hulle het geglo sodra hulle die woord gehoor het dat Jesus opgestaan het uit die dood, gesê: "Prys God, dis goed." Maar Thomas het gesê: "Ek moet my vingers in die merke van die spykers in Sy hand sit. Ek moet—ek moet dit voel, ek—ek moet dit self sien, ek het dit sien werk op ander in die dienste, maar dit moet op my wees." O, Thomas het baie kinders, maar hy...Maar God is 'n goeie God, Hy—Hy werk in elk geval daar rondom.

Hy het gesê: "Kom hier, Thomas, voel My. Nou, werk dit op jou. Glo jy, Thomas?"

Gesê: "O, ja, U is nou my Here. Ek glo dit nou."

Hy het gesê: "Hoeveel groter is hulle beloning wat nog nooit gesien het nie en tog geglo het!" Amen. Hulle vat God se Woord daarvoor, dis al. Amen.

O! En ek kom net af by my teks. Waar was dit? Laat ons sien. O, ja. Ja, meneer.

Toe wel—wel, laat ons hom neem. Hier gaan hy weer op en hier kom al die kritici uit, julle weet, en sê: "Daar gaan hy aan."

160 So eerste ding toe die boodskapper gekom en gesê het: "Wel, toemaar dis nie meer nodig nie." Gesê: "Hy—hy . . . Die baba het gesterf, dis dood. Ons het dit klaar daarbo uitgelê, en dit het die blomme daarop, en het die balsemklere, die vloeistowwe daarop. En dit is nie nodig om meer te pla nie, kind is al dood. Dokter het teruggekom, ons het gegaan, hom gekry, en hy het dit dood verklaar, en hy het dit klaar uitgelê, en dis koud, lê in die kamer op die doodsbank. En—en al die roubeklaers is daar, en daar's 'n klaaglied daar, jy het nog nooit so-iets gehoor nie. So . . . "

161 Jesus, wat net aangeloop het. O, ek hou daarvan! Kon julle Hom nie net sien nie, broers? Hom nooit enigsins gepla nie. Klein Jaïrus, sy hart het geklop, julle weet, hy het gesê: "*Hyg*, *hyg*," soontoe gekyk.

Jesus, ek kan Hom net daardie oë sien draai en sê: "Het Ek nie vir jou gesê: 'Glo net'?" O!

162 Dis wat ek vir julle sê: Glo net God se Woord as julle die heerlikheid van God wil sien. Glo net, maak nie saak wat enigiemand anders sê, hoe siek jy is nie.

"Maar, Broer Branham, die dokter het gesê ek gaan binne 'n paar dae sterf." Glo net.

"Hy het gesê my baba kan nie gesond word nie." Maar glo net, dis al. Glo net dat God die belofte gemaak het.

163 "Ek sal nooit weer loop nie, Broer Branham, die dokter het vir my gesê." Glo net, want alle dinge is moontlik vir hulle wat glo. Glo net, glo net. Dis al wat jy hoef te doen, net te glo, maak nie saak . . . En wat was dit toe? Reeds dood. Wat nou? Net om te glo. Hmm! Ek voel godsdienstig net nou, eerlikwaar. O, goeiste! Glo net!

"Dood?"

"Ja."

164 O, ek onthou toe Hy gekom het na die graf van Lasarus: "As U hier was, sou my broer nie gesterf het nie. Maar selfs nou, wat U God ook al vra, dit sal God vir U gee." Dis reg.

165 "Ek is die Opstanding en die Lewe," sê God. "Hy wat in My glo, sal lewe, al het hy ook gesterwe. Wie ook al lewe en in My glo, sal nooit sterf nie. Glo jy dit?"

166 Sy het gesê: “Ja, Here.” O, ek hou daarvan. “Ja, Here, ek glo wel U is die Christus wat in die wêreld sou kom. U is die Gesalfde. Ek glo dit met my hele hart.”

Gesê: “Waar het jy hom begrawe?” Amen.

167 Hy het nie gesê: “Ek sal afgaan en kyk wat Ek daaraan kan doen nie.” O, nee. O, nee. “Waar het jy hom begrawe?”

168 Hy het nie gesê: “Jaïrus, wel, Jaïrus, Ek’s jammer Ek het vir jou hierdie probleme veroorsaak, nie. Nou, jou kerk het jou geëkskommunikeer, en jy’s in die moeilikheid by jou broers, en dit alles, ek—ek weet dit,” en alles. “Ek voel regtig jammer vir jou, Jaïrus, maar, as ek ’n bietjie gouer daar kon gekom het, wel, mag dit alles reg gewees het, maar, Jaïrus, Ek—Ek’s—Ek’s jammer om vir jou hierdie probleme te veroorsaak.” O, nee. O, nee.

169 Hy het gesê: “Het Ek nie vir jou gesê: ‘Glo net, as jy die heerlikheid van God wil sien,’ nie?” O, ek stel my voor dit het sy hart gehelp, nie waar nie? Ek stel my voor om sy hartjie daardie slae te sien oorslaan, net weer normaal te begin klop.

170 Toe was sy oë van die priester af, van die hoofpriester af, van die res van die gemeente af. En wat rondloop, sê: “Wat gaan jy by die volgende konferensie doen, man? Wat gaan jy doen?” Maar hy het sy oë op Jesus gehou. Amen. Daar het julle dit. Hou julle oë op Jesus, ek gee nie om wat enigiemand anders sê nie.

171 “Wat gaan die buurman sê?” Ek gee nie om wat die buurman sê nie. Dit het niks te doen nie, dis wat God gesê het. Die buurman is nie my regter nie, God is my Regter, Hy sal my oordeel volgens Jesus Christus, vir Wie ek volg. Amen. Maak nie saak wat enigiemand anders sê nie, dis Wat God gesê het, dis wat dit waarheid maak. Amen. God het dit gesê, dit maak dit die waarheid. Kritici kan enigiets sê wat hulle wil, maar dit—dit verg Wat God sê om dit die waarheid te maak. Goed.

172 Jesus het gesê: “Glo net.” Glo wat? Glo wat nou? Sy’s dood! Glo vir die *onmoontlike*. Amen. Reg. Glo vir die onmoontlike. “Wel, nadat sy klaar dood en gebalsem is, glo nou?”

“Sekerlik, Ek het jou gesê glo net, jy die heerlikheid van God wil aanskou.”

“Glo wat?”

173 “Glo enigiets. Wat ook al . . . Voorwaar, Ek sê vir julle, as julle vir hierdie berg sê: ‘Word opgehef,’ en nie in julle hart twyfel nie, net glo, kan julle kry wat julle sê.” Dis reg.

174 “Hy wat in My glo, sal lewe, al het hy ook gesterwe. Wie in My glo, sal nooit sterf nie. As julle in My bly en My Woord in julle, vra wat julle wil, en dit sal vir julle gegee word.” Is dit reg, al hierdie beloftes? “Werke wat Ek doen, sal julle ook doen. Groter werke as hierdie sal julle doen, want Ek gaan na My Vader.” Al hierdie beloftes hier: “Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en

tot in ewigheid. Vir ons oortreding is Hy deurboor," *is* deurboor vir ons oortreding, "vir ons ongeregtigheid verbrysel, die straf wat vir ons die vrede aanbring, op Hom, deur Sy wonde *het* daar vir ons genesing gekom." Glo net, glo net.

175 Hy kom binnekort. Hy het Abraham gebring, hom geregverdig, hom geheilig, hom gevul met die Heilige Gees, hom as 'n seun geplaas, Homself lewendig getoon deur Sy rug te draai, en te praat, te vertel wat Sara in die tent gesê het, en toe sy liggaam verander, en hom uitgeneem, vir hom 'n seun gegee.

176 Hy het dieselfde ding gedoen deur die Saad van Abraham, alles behalwe die liggaam te verander, geregverdig, geheilig, gevul met die Heilige Gees, die Seun geplaas, kom nou onder ons, toon Homself lewendig, en wag vir die verandering van die liggaam, vir die Wegraping om te kom, om ons op te neem om Hom te ontmoet. Hier is dit, net betyds. Glo net. Hou net aan marsjeer. God se yslike groot tydhorlosie tik net presies reg. O, vir die. . . Glo net. Sekerlik.

177 So Jesus kom uiteindelik by die huis, daar's almal wat skree: "O, Here, O, Here, waarom het U dit gedoen? Waarom het U dit gedoen?"

Jesus stap net so kalm in, stil, gesê: "Bly stil, kalmeer. Die dogtertjie is nie dood nie, sy slaap net."

En, toe, het die Bybel gesê, het hulle vir Hom gelag.

Hy het gesê: "Nou, weet julle watter soort profeet hy is, wanneer ons haar gebalsem het en Hy sê sy slaap."

178 Kan julle julle voorstel? En die Bybel het gesê: "Hulle het Hom uitgelag," beskaamd gemaak, Hom bespot. Weet julle wat Hy gedoen het toe hulle gelag het vir Sy Woord? Hy het hulle uitgejaag. En dis presies wat ons aan die einde sal doen.

179 En jou kritikus, dis wat met jou sal gebeur een van hierdie dae, jy lag vir Sy Woord, en lag vir Sy werke, jy sê: "Daardie mense is holy-rollers wat in tale praat en dans in die Gees." Jy sê hulle is 'n klomp holy-rollers, jy lag vir Sy Woord, want dis die Woord wat menslike vlees geword het, hier, wat onder ons woon.

180 Party van julle predikers daarbuite, wat sê dit is verstandstelepatie, of die duiwel, of so-iets, eendag sal julle dit moet terugneem in Sy Teenwoordigheid. Hy sal julle uit Sy Koninkryk jaag daarvoor. Dis reg. Hy sal nie mense vir Hom laat lag nie, Hy sal hulle weer uitjaag.

181 Hy het deur die huis gegaan en die hele klomp van hulle uitgejaag. Almal het gelag, uitgegaan.

182 Die Bybel het gesê: "As jy een spreek. . ." Toe Jesus daardie dag daar gestaan het en—en die geeste onderskei het, en daardie klomp priesters gesê het: "Wel, dis Beëlsebub, die fortuinverteller," enigiemand weet 'n fortuinverteller is 'n duiwel, so hy het gesê: "dis Beëlsebub, die fortuinverteller,"

noem die werk van God wat aangaan, 'n onrein gees, Jesus het gesê: "Ek vergewe julle daarvoor, maar eendag sal die Heilige Gees kom, julle dan een woord Daarteen sê, dis al wat julle hoef te doen, en julle sal nooit vergewe word in hierdie wêreld nie, en in die ander Wêreld sal julle ook uitgejaag word." Dis hoe ernstig dit is. Sien? Ja, meneer.

183 Nooit vergifnis daarvan in hierdie wêreld, nóg in die Wêreld wat kom, om te laster, of te spreek, of die Heilige Gees 'n onrein ding te noem, nie. Hy het hulle uitgejaag. Sien julle wat vandag gebeur? Dieselfde ding. Julle sien waar hulle uitgaan, uitgaan in die wêreld, geestelik.

184 Onthou julle die laaste plaag wat Egipte getref het? Wat was die laaste plaag wat Egipte getref het? wat die tipe was van die Kerk wat uitgaan. Was die dood. Wat is die laaste plaag wat die Pinksterkerk getref het? Geestelike dood. Sy gaan reguit terug soos die res van die wêreld, geestelike dood. Maar die besnedenes, met die bloed aan die deur, het die huis-toe marsjeer gedoen, dis presies, met 'n Vuurkolom wat voor hulle uitgaan om hulle weg te lei.

185 O, ek's so bly vanaand, ek's so bly, vanaand, om te weet dat daar 'n besnydenis van die hart is, dat God die hele wêreld sal wegsny, en al die tradisies van mense, en al die res, en ons Jesus kan sien, en Hom daar sien staan in 'n Vuurkolom, wat vooruit gaan, die werke doen, en doen presies wat God gesê het sou doen, en 'n Kerk voortbring gevul met die Heilige Gees, en die werke doen, wat Hy gesê het. Ek's so bly, vanaand, dat dit . . . Ek—ek's so, ek's die gelukkigste persoon in hierdie wêreld daaroor, omdat Hy dit belowe het.

186 Ja, Hy het hulle uitgejaag, omdat hulle gelag het vir die Woord. Ja. Toe het Hy hulle almal uitgekry, en toe was Jesus alleen met wat? Die gebrokenes van hart, en die getroues. Hy het vir Petrus, Jakobus, en Johannes gebring: geloof, hoop, en liefde, hulle in die gebou gesit by Hom, die res van hulle aan die buitekant gesit, toe was Jesus alleen by gebroke hart gelowiges, gehuil omdat hulle was . . . hulle dogtertjie dood was en daar gelê het, die dingetjie was uitgelê, 'n lyk, blomme wat om haar gelê het. Al die ongelowiges uitgejaag van Hom af, soos daardie.

187 O, hoe moeilik is dit wanneer ongeloof! Soos gisteraand toe ons hier in die diens gesit het, daardie streep van ongeloof hierdie plek getref het, dit was net, dit was verskriklik. Een van hierdie aande, gaan ek net reguit afreik en daardie kêrels uitroep. Dit gaan baie gevoelens seermaak, maar dis goed.

188 Ek het dit in die verlede heeltyd gedoen, en julle weet ek het. Maar ek—ek het gehou, weerhou daarvan, net oor die gevoel van die mense, want as jy die—die onkruid uittrek, kry jy ook 'n klomp koring. Sien? So, nou, dis nou te naby aan die eindtyd, so ons sal net voortgaan, net aanhou marsjeer. Maar wanneer . . .

Dit—dit—dit hinder die mense, dit hinder regtig die mense wat nie geloof kan hê nie, wat nie kan glo nie, sien, wanneer so-iets soos daardie aangaan.

189 En so, toe, toe Hy alles uitgejaag het, almal behalwe net Sy geloof, hoop, en liefde, wat daar gestaan het, Petrus, Jakobus en Johannes, die getroues, en die ware gelowige vader, moeder, het Hy na die lyk toe geloop. O! Sien?

190 Hy kon dit nie gedoen het, gestaan het, almal wat sê: "Wel, kyk daarna? 'n *Profeet*, en sê sy's aan die slaap. Nou, ek het julle gesê, julle gesê, julle gesê. Sien hoe dit is? Daardie—daardie. . . Daar's niks daaraan nie. Daar. . . dis net 'n groot klomp emosie, opgewondenheid, dis al wat daaraan is."

191 Jesus kon nie 'n ding daaraan doen nie, Hy kon nie 'n ding daaraan doen vanaand nie. Toe Hy na Sy Eie land toe gekom het, nie enigiets nie, baie werke wat Hy nie kon doen nie, as gevolg van hulle ongeloof. En hulle wat so aangegaan het, kon Hy dit ook nie toe doen nie, en Hy kan dit nie vanaand doen nie. Maar as Hy hulle net ooit kon uitsluit tot 'n punt waar Hy by die gelowiges kon wees!

192 Toe het Hy na die lyk toe geloop wat daar gelê het. Die dogtertjie was dood, miskien gebalsem en uitgelê. Geloop en haar aan die hand geneem, daar uitgekyk in die ruimte-wêreld, daar iewers waarnatoe haar siel gegaan het, en gesê: "Dogtertjie, staan op."

193 Hoe kon dood bestaan in die teenwoordigheid van Lewe? Die dogtertjie, die plooie op haar voorkop het begin, haar gladde voorkoppie het begin plooi, en haar oë het oopgegaan. Hy het haar aan die hand geneem, en haar opgelig, gesê: "Gee haar iets om te eet. En moenie, moet net niks daarvan sê nie. Los hulle uit daarbuite. Moet hulle niks vertel nie, gaan net—net voort." Sien? "Laat dit gaan."

194 O, goeiste! Alle dinge is moontlik, glo net. Wat was Hy? Hy was die Woord van God, vlees. En, vanaand, daar. . . Daardie selfde God is, selfde Woord van God is in julle vlees, as Christus daarin is. En Hy's dieselfde Here Jesus, jy kan Sy kleed aanraak, of wat jy ook al wil. As jy net sal glo dat Hy hier is, sal Hy dieselfde ding vir jou doen. Glo julle dit?

195 Laat ons ons hoofde net 'n oomblik buig. Ek gaan die orrelis hier vra, of hulle net 'n oomblik na die orrel toe sal gaan. Ek wil hê jy moet *Glo Net* speel.

196 Almal, nou moet asseblief nie rondbeweeg nie. Net 'n oomblik. Na ek so gepreek het, is dit soort van 'n moeilike ding. Ek wil net bid, en ek wil sien wat Hy sal doen, vra wat Hy vir my sal doen, vra wat Hy vir julle sal doen.

197 Billy, het my vandag vertel, hy, of, toe ek daar ingekom het 'n rukkie gelede, toe ek my vrou en hulle gebring het, het hy gesê:

"Pappa, ek het 'n bietjie laat daar gekom, en ek het deurmekaar geraak, ek het nie enige gebedskaartjies uitgegee nie." Gesê: "Hoekom preek jy nie net vir hulle vanaand nie?"

198 Ek het gesê: "Goed, ek sal dit net doen." So, maar ek voel dat ons in elk geval vir die siekes gaan bid, of ons nou gebedskaartjies het of nie. Sien? Ons sal in elk geval vir die siekes bid.

199 Ek kan Hom daar sien staan by Jaïrus. Ek kan daardie boodskapper hoor sê: "Moet Hom nie pla nie, dit—dis alreeds dood. Jou kind is dood, moenie—moenie—moenie meer pla nie. Daar is geen—geen hoop meer nie." En daardie hartklop van daardie mannetjie!

200 Miskien, toe ek 'n rukkie gelede gesê het, ons is, sal nie 'n gebedsry hê nie, nie enige sieke, kaartjies vir die siekes uitgegee het nie, kon jou hart ook 'n klop gegee het. "Ek het gekom, Broer Branham, om te wees. . . Ek—ek—ek wou 'n gebedskaartjie gekry het vanaand, ek wil voor gebid word." Glo net. As jy net—net net glo, dis al. Hy het alreeds die Woord gespreek, glo net. Jy hoef nie hier op te kom nie, bly net waar jy is en glo net, want Hy het gesê: "Alle dinge is moontlik, glo net."

201 Ek wil hê julle moet baie eerbiedig wees. Bid nou net. Elke siek persoon hierbinne, elke persoon hierbinne wat siek is en wil hê Christus moet na jou toe kom, ek wil hê jy moet jou hand opsteek. Steek net jou hand op waar jy ook al is, 'n siek persoon hierbinne. Goed. Net oral, amper oral.

202 Vir nou, laat sak julle hande. Nou, wat het daardie vroutjie gedoen? Sy het Sy kleed aangeraak. Sy het te laat daar gekom om 'n gebedskaartjie te kry, sou ons sê. Maar sy het Sy kleed aangeraak. Sy het haar genesing gekry, net soos die dogtertjie haar gees teruggekry het, òf Hy hande op haar gelê het, òf of sy Hom aangeraak het, of—of, hulle was albei Joods, so òf sy Hom aangeraak het, of, die dooie meisie kon Hom nie aanraak nie, so Hy moes die dooie meisie aanraak. So jy kan Hom vanaand aanraak, Hy's 'n Hoëpriester wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede.

203 Julle daarbuite in die gehoor, julle is almal vreemdelinge vir my. Ek sien Broer Ed Daulton *hier* sit. En ek weet ek het ander vriende. Ek. . . O, *hier* op die hoek sit 'n paar mense van Tennessee, ek het pas die jong meisie hierbuite in die saal ontmoet op pad in.

204 Nou gaan ek dit sê: As jy 'n ongelowige is, sou ek nie eens in die gebou bly, of om die gebou nie. Want ek wil vir julle sê, dat as bose geeste, soos kanker of sovoorts, sou uitgaan. . . En almal van ons weet hulle is lewens, want hulle is in ons wat ons lewens vernietig. En onthou, in die Bybel toe daardie bose geeste uit een uitgegaan het, het hulle na 'n ander ingegaan. So as jy nie 'n gelowige is nie, sou ek nie nou naby wees nie, want daar

is gelowiges naby. En onthou, hoeveel keer het ek julle beveel, hoeveel keer het ek julle gewys, wat daardie dinge doen? Na die diens verby is, is daar omtrent altyd iemand wat inskakel, of skryf: “Broer Branham, ek—ek—ek was ’n ongelowige, en ek het nou die dag gegaan, toe daardie vrou, jy vir haar gesê het kanker gehad het, ek het gesê: ‘Dis onsin,’ en die dokter het vir my gesê ek het nou kanker.” Sien? Sien? Onthou net. Ek spreek in die Naam van die Here Jesus. Dit hang van jou af, dit hang van jou af.

Nou, hê net geloof en glo.

205 Ons Vader Wat in die Hemel is, laat U Naam geheilig word. U Koninkryk kom. U wil geskied in die Hemel, net so ook op die aarde.

206 Ewige en Genadige God, ek bid vanaand, dat U in hierdie gehoor. . .Ek hou net daarvan om oor U te praat, Jesus. U. . .U was my lewe vir een-en-dertig jaar. Hoe ek U liefhet! Hoe, ek’s so bly dat daardie aand, dat ek—ek U aanvaar het as my Verlosser! Ek’s so bly, so bly dat toe U my opdrag gegee het om die Evangelie te gaan verkondig, en toe daardie aand toe U vir my gesê het: “Gaan, bid vir die siekes,” en vir my gesê het dat daardie visioene wat gekom het, nie was wat my broers vir my gesê het ’n bose gees was nie, maar Dit U was, en Dit die hele volk sou skud, die hele wêreld in ’n herlewing, en Dit het dit gedoen, Here. U Woorde is waar.

207 En toe, toe U daar gestaan het, bokant my, daardie dag onder op die rivier, toe daardie duisende mense wat daar staan en kyk het, reg om twee-uur in die middag, uit daardie koperkleurige lug, en daardie groot Lig wat dreun aan die bokant, die Stem wat sê: “Soos Johannes die Doper gestuur is, sal hierdie Boodskap die Tweede wees, voor die koms van die Christus,” en ons sien, Here, Dit het daardie einste ding gedoen, en ons sien die tyd nou nader kom. U Woorde is almal waar. En nou, hier is ons aan die einde van die pad, reg uit, wat optel oor die velde hier, die laaste strooi kry van hierdie laaste herlewing.

208 Nou, Vader, ons is weer, weer, in hierdie groot kruispad van die wêreld hier, vanaand, Chicago, Illinois. Hoe mense verlang het om te sê: “O, as dit geskud kon word, as dit geskud kon word!” O God, daardie atoomvoer wat daar op die straat loop, sal nooit geskud word nie; dit sal geskud word met ’n atoombom. Maar U Kerk is geskud soos nog nooit tevore nie, dit het dinge gesien wat Dit nooit gesien het, en geen kerk tevore gesien het, na Christus op aarde was nie. Dit is geskud, Here, U ware mense het met hulle hele hart geglo.

209 Nou, is dit tyd vir die verandering om te kom, groot droogte, die geestelike droogte wat die land moet tref, en dan die Koms van Christus. Ek bid dat U sal skenk, Here, vanaand, dat nog hierdie eenkeer, sodat die Evangelie. . .

210 En miskien mag daar 'n vreemdeling onder ons wees. As daardie persoon hier is vanaand, en nie onder die Bloed nie, bid ek, God dat iets gedoen sal word, dat U iets sal doen vanaand, soos U het daaronder by Emmaüs, daardie keer, en 'n teken wys vir die mense, net soos U het voor U kruisiging, dat hulle mag weet dat U dieselfde Jesus is wat opgestaan het uit die dood, en vanaand hier is.

211 Ek gee myself saam met die boodskap wat uitgegaan het, en die Christus wat teenwoordig is, aan Almagtige God, vir Sy diens om voort te gaan. In Jesus' Naam, mag baie gehelp word. Amen.

212 Nou, in die Naam van Jesus Christus, neem ek elke gees hierbinne onder my beheer, tot die eer van God. Nou, wees getrou, bid. Hê net geloof.

213 Nou, ons gaan nie gebedskaartjies hier oproep nie, want ek dink nie ons het enige hierbinne nie, kan nou en dan 'n agtergeblewene hê. Dis in elk geval baie laat, gebedsry gevorm word, sal dit oortyd wees, dis nou tienuur. Maar ek wil iets sê, al julle mense daarbuite wat weet dat ek 'n vreemdeling vir julle is, en jy siek is, en jy glo dat Christus 'n Hoëpriester is, dat Hy my hiernatoe gestuur het om net die—die Wynstok te wees, ek bedoel die loot aan die Wynstok, jy glo dat as jy Hom kon aanraak, Hy deur my sou spreek en dieselfde werk sou doen, steek jou hand op, jy weet dat ek jou nie ken nie. Dankie.

214 Nou, kyk julle hiernatoe. Een geval behoort dit te bewys, maar laat ons ten minste drie van hulle hê. Ek wil hê julle moet glo met julle hele hart. "As julle kan glo, is alle dinge moontlik."

215 Ek nie. . . Jy sê: "Watter kant om te begin, Broer?" Ek weet nie, dis watter kant *Hy* begin, waar Hy begin, ek kan net gaan soos Hy gaan. Sien? Ek moet net dophou, en waar dit ook al begin, ek kyk vir 'n—'n iets, dis salwing. Nou, hier is ek, God weet. Sien? Maar voor Sy Woord dat ek—ek julle nie ken nie. Ek ken twee of drie mense, een wat net *hier* sit, of twee. Ek dink dis Suster Downing, is dit reg? Ek dink dit is. Sien? Ek ken hierdie man wat *hier* sit, my Broer en Suster Dauch *daar* oorkant by die hoek, twee wat *daar* sit.

216 Ek sal probeer om myself weg te hou van hulle. Selfs as. . . Ek sou moes. . . As Hy oor hulle kom, sou ek daar moes sê, want dis al wat ek kan sê. Hoeveel glo, voor enigiets gebeur het, glo julle dis waar? God seën julle.

Sien jy dit, Satan? Jy's 'n leuenaar!

217 Julle sê: "Versoek hy jou so, Broer Branham?" Wel, sekerlik staan hy, probeer my versoek. As hy julle versoek, wat dink julle doen hy aan my, hier?

218 Wat reg daaragter sit, is daar 'n man wat bid vir 'n kind, wat daar langsaan sit, iets verkeerd het met sy voete. Dit is reg, is dit nie? Ek ken jou nie, jy's 'n vreemdeling vir my. Maar, Mnr. Farmer,

glo jy dat God die kind gaan genees en dit gesond maak? As ek 'n vreemdeling vir jou is, steek jou hande op soos *daardie*. Is dit waaroor jy gebid het? Is dit wat jou naam is en alles daarvan? Steek net jou hand op. Jy het jou versoek.

219 Daar's 'n dame wat net hier sit. Sy het artritis, sy het ekseem in haar oor. Mev. McGill, staan op jou voete as dit reg is. As ek 'n vreemdeling vir jou is, wuif jou hand. Wuif jou hand as ek . . . ons vreemdelinge is. Jy het jou versoek. Gaan huis toe, Christus maak jou gesond.

Voor die Almagtige God, ek het nog nooit daardie mense in my lewe gesien nie. Ek vra julle om te glo. Hê net geloof, moenie twyfel nie.

220 Ver agter hier, aan die einde van die ry, ver agter aan die agterkant, dame wat daar sit, het longprobleme, sy is bekommerd daaroor. God, help my om haar te ken. Mev. Miller, staan op en aanvaar jou genesing, Jesus Christus maak jou gesond. As dit is wie jy is, en ek is 'n vreemdeling vir jou . . . Het jy 'n gebedskaartjie, Mev. Miller? Jy het nie? Jy het nie een nodig nie. Goed. Gaan huis toe, wees gesond, Jesus Christus maak jou gesond.

221 Daardie dame, gekleurde dame, wat reg agter haar sit, reg daar oorkant in die . . . hierdie kant van my af, het 'n—'n gewas, jy maak gereed om hospitaal toe te gaan vir 'n operasie, of hulle wil hê jy moet. 'n Dametjie, ek kan haar net tussen twee wit mans sien. Staan op, dame. Ek's 'n vreemdeling vir jou, ek ken jou nie. Het jy 'n gebedskaartjie? Jy nie. Ek het jou nog nooit in my lewe ontmoet nie. Ons is vreemdelinge vir mekaar. As dit reg is, wuif jou hand soos *hierdie*. Wat ek vir jou gesê het, is die waarheid? Jesus Christus genees jou. Gaan huis toe en ontvang jou genesing.

Glo julle?

222 Hier, hou daardie demoniese gees dop, hier kom dit reg hieroor, daardie duisternis lê reg op hierdie vrou hier, 'n ander gekleurde vrou wat net hier sit. Het jy 'n gebedskaartjie, dame? Jy het nie. Jy het nie een nodig nie. Jy het ook 'n gewas. Wil jy hê ek moet jou vertel waar dit is? Dis op jou linkerskouer, onder aan jou sy en heup. Dis reg, is dit nie? Glo met jou hele hart.

223 Mev. Holtzmaster, daaragter wat huil, dink jy het 'n kanker, maar jy—jy gaan reg wees. God seën julle. Staan op. Ek ken jou nie. Jy's bang vir kanker, is jy nie? Maar dit het jou verlaat, dis alles reg.

224 Sê, sal jy vir my 'n guns doen, Suster, omdat God vir jou een gedoen het? Ons is vreemdelinge, is ons nie? Lê jou hand op daardie vrou agter jou, noem haar Mev. McAllister, sy ken my nie, McAllen, liewer. Sy het probleme met haar kop, maar dit gaan haar verlaat, en sy gaan reg wees. Sy hoor nie te goed nie. Goed. Dis nou alles verby, Mev. McAllen, jy kan ook huis toe

gaan. Glo jy Jesus Christus maak jou nou gesond? Goed. Gaan dan huis toe, word gesond gemaak.

225 Hoeveel glo Hom nou, dat Hy Jesus Christus is? Dis tyd om op die toneel te verskyn. Dis tyd om te glo met jou hele hart. Glo julle dit? Hoeveel sal Hom nou aanvaar as julle Geneser? Hy het oor die gebou gegaan, heen-en-weer, in-en-uit, vorentoe-en-agtertoe, dit geglo. Glo julle dit met al julle—al julle geloof wat julle kan? Staan op julle voete in die Naam van Jesus Christus en ontvang julle genesing. Steek julle hande op.

226 Herhaal agter my aan: "Here, ek glo, dat U die Seun van God is. Ek verloën my ongeloof. Ek aanvaar U as my Verlosser, ek aanvaar U as my Geneser, ek aanvaar U as my Koning. Ek glo U nou Here, van nou af, sal my getuienis nooit negatief wees nie, ek sal U loof, in die Naam van Jesus Christus."

Nou, steek julle hande op en prys Hom, en dis alles verby.

227 God seën julle, ek gee julle vir die ouderling.

61-0427 Glo Net
Stephen Mather Hoërskool
Chicago, Illinois V.S.A.

AFRIKAANS

©2024 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org